




Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang L Nr. 9

TYDSKRIFTE - AFDELING J. S. GERICKE - BIBLIOTEK STELLENBOSCH	
07-09-1984	
SIRKULEER: REASNR.	



DONDERDAG, 6 SEPTEMBER 1984

Kandidate wys kleure op sirkus

DIE Studenteraad vir die termyn 1984/5 is Maandagaand na afloop van die SR-Sirkus deur die Studenteparlement verkieks.

Die volgende kandidate is verkieks (in volgorde van die aantal stemme verwerf): Karin Strydom, Annami Oosthuysen, Le Roux van der Westhuizen, Helmut Pool, Niël van der Merwe, Philip Verster, Marieke van der Walt, Hendrik Stander, Johan Bell, Derick de Villiers, Francois Sieberhagen, Frank Raymond en Hendrik du Toit. Jean du Plessis is reeds vroeër as SR-lid vir Tygerberg gekies.

Me. Strydom het 48 van die teenwoordige SP-lede se stemme op haar getrek, drie meer as me. Oosthuysen, wat die tweede meeste stemme behaal het.

Tydens die sirkus, waar die kandidate aan die Studente-unie bekendgestel is, is die voorsitters- en tesouiersverslag ook voorgelê.

Mnr. Christo van Heerden, uitstredende voorvoorsitter van die Studenteraad, het aan die begin van die vergadering gesê dat hy enige vraag (wat nie sy mening nie geskik is nie) kan verbied. Dit was egter nie nodig nie.

Mnr. Niël van der Merwe was die eerste kandidaat wat vir vyf minute die vrae van die Studente-unie moes beantwoord.

Studente-unie

Hy het in antwoord op 'n vraag gesê dat dit tyd is dat die (SR/SP) stelsel op sy voete kom. Hy het voorgestel dat die stelsel verbeter kan word deur dit vir die Studente-unie moontlik te maak om self vir die SR te stem. Volgens hom moet die nominasies egter steeds deur en uit die SP kom.

Mnr. Frank Raymond, wat deur mnr. Francois Sieberhagen voorgestel is, het in-

wel mnr. Nic Myburgh in 'n vraag verklaar het dat 'n Vroudedekaan vir hom na "feministiese chauvinisme" lyk, was die vroulike kandidate oor die algemeen ten gunste van die idee.

By 'n SR-vergadering gistermiddag is mnr. Le Roux van der Westhuizen verkieks tot voorvoorsitter van die SR. Die ander lede van die Uitvoerende-komitee is me. Annami Oosthuysen (onder-voorsitter) en mmre. Niël van der Merwe (sekretaris), Helmut Pool (tesourier) en Phillip Verster (addisionele lid).

Antwoord op 'n vraag gesê dat 'n meer regverdigde bestel in Suid-Afrikaoor 'n Handves van Menseregte moet beskik. Hy het ook gesê dat almal in sy opinie moet deel hê aan die maak van 'n nuwe Grondwet.

Saak

In antwoord op 'n vraag oor hoekom hy nou eers, agt jaar nadat hy in 1978 'n eerstejaar was, vir SR staan, het mnr. Hendrik Stander as volg geantwoord: "Solank as wat ek voel dat ek 'n saak het om voor te staan, sal ek staan, selfs al word ek 'n 100 jaar oud."

Die vrae wat aan mnr. Le Roux van der Westhuizen gevra is, het hoofsaaklik gehandel oor sy aandeel aan die Oopstellingsmosie vroeër vanjaar. Mnr. Van der Westhuizen, wat die mosie voorstel het, het gesê dat die betrokke mosie Stellenbosch se beeld volgens hom baie goed gedoen het.

Vrae aan die vrouekandidate het hoofsaaklik gehandel oor die noodsaaklikheid van 'n Vroudedekaan. Hoe-


Koshuise kwaad oor kwalifikasies

"KOSHUISE verloor baie goeie (HK)-kandidate omdat hulle akademies afgekeur word." Hierdie stelling is deur me. Georgina Munnik, HK-lid van Nemesia, teenoor *Die Matie* gemaak.

Die feit dat die moeilikhedsgraad tussen vakke nie in aanmerking geneem word nie, is deur me. Munnik as "onregverdig" bestempel.

Die HK van Helshoogte is ook gekant teen die stelsel van akademiese keuring wat HK- en SP-kandidate moet ondergaan.

Volgens mnr. Jean Naudé, sekretaris van Helshoogte se



Helderberg se "koshuistrofee" het verlede week op die dak van Wilgenhof gepryk. Mnr. Gawie de la Bat, primarius van Wilgenhof, vermoed dat lede van sy huis vir die daad verantwoordelik is. Volgens mnr. Ockert Meyer, onder-primarius van Helderberg, sal hulle die motortjie "langs ampelike kanale" probeer terugkry.

LEES BINNE

UCT students cause cancellation at Buthelezi meeting	4
SR/SP-stelsel bespreek op SAAK-vergadering	5
Karnaval '85 se werkzaamhede begin	6
UWK-betogings lei tot polisie-optrede	7
Elrena van der Spuy praat oor feministe	10
Mixed feelings on Marriages Act	11
UDF verwerp hervorming en verdrukking	13
Helderberg vier republiekfees	15
Valskermklub bied opwindung	18
Koshuisrugby	20

PRETORIA — Mnr. Chris Fismer, voormalige president van die Afrikaanse Studentebond, is na 'n spesiale Ruiterraadvergadering op Vrydag 24 Augustus geskors as voorsitter van die Ruitewag, waarna ook soms verwys word as die "Junior Broederbond". Die Ruiterraad is die hoogste bestuursliggaam van die Ruitewag.

Drie ander persone van die Ruiterraad het op dieselfde vergadering bedank. Hulle is dr. Pieter Mulder (seun van dr. Connie Mulder), en twee predikante met ver-regse simpatie, dhr. Jurie Swart en S.W. Scott. Dr. Mulder het egter later ontken dat hy uit die organisasie uit is.

Die skorsing van die voorsitter volg na 'n sterk skuif vanuit ver-regse kringe in die organisasie oor die afgelope jaar in 'n poging om die organisasie te kaap. Mnr. Fismer, wat deur 'n persoonlike vriend as 'n "gematigde" persoon beskryf word, is vanweë die vertolkning van 'n regstegniese punt geforseer om te bedank. Hy het blybaar sy perke as voorsitter oorskry deur 'n vryelaai aan lede uit te stuur wat hulle voor 17 September moet voltooi het. Dit sou handel oor "Die ver-regse siening van Afrikaners met uitsprake teen onderhandelings, skikkings en verdrae." Hierna is 'n omsendskrywe gestuur wat 'n Wagraad (vergadering van alle lede) sou aanvra om die dokument te bespreek. Tot op hede het mnr. Fismer nog geen kommentaar in die pers gelewier nie.

Volgens 'n berig in *Die Matie* van 5 Augustus 1982 het mnr. Stephan Spies, toenmalige voorsitter van Stellenbosch se SR, gesê dat lidmaatskap van die Ruitewag 'n "persoonlike saak" is vir Stellenbosch studente en SR-lede. Hy het dit nie ontken dat enige SR-lede aan sodanige geheime organisasies behoort nie.

A.g.v. die geheime aard van die organisasie kon *Die Matie* geen kommentaar oor die aangeleentheid van Ruitewaglede verkry nie.

KJA spreek kommer uit oor nee-stem

DIE KJA-bestuur het na aanleiding van 'n besoek aan die CJV van die Universiteit van Wes-Kaapland 'n ope brief aan die Stellenbosse studente-gemeente geskryf.

Hierin het hulle hul kommer uitgespreek oor die probleem geskep deur die "nee"-stem vir oop koshuise wat pogings tot versoening tussen die N.G. Kerk en die N.G. Sendingkerk betref.

'n Groep KJA-lede het op uitnodiging van die CJV van Bellville-Suid 'n samesprekking rondom die onderwerp "geregtigheid" en die Belharbelydenis gehou.

Onder die huidige stelsel is dit moontlik dat 'n potensiële cum-student afgekeur kan word op akademiese gronde. (Hierdie stand van sake is deur mnr. Albie Basson, keuringsbeampte, bevestig.)

Huidig moet 'n HK-kandidaat 8 krediete (ongeag vakke of kursus) die eerste semester van die betrokke jaar verwerf het.

Indien 'n kandidaat dus 'n semestervak in sy tweede jaar sou gesak het, en in sy derde jaar eers die betrokke vak sou slaag, kan hy as kandidaat kwalifiseer.

Die ope brief aan die Stel-

lenbosse studente-gemeente, wat in die laaste uitgawe van die *Dynamiek* verskyn het, vloei uit hierdie ontmoeting.

Rassisme

Die KJA-bestuur het in die brief daarop gewys dat, alhoewel mense met "die beste motiewe" nie sou gestem het, bruin studente dit as verwerping op grond van kleur, dus as rassismeervaar.

Die bestuur het gesê dat vorige optrede van wit studente aanleiding gegee het tot 'n "diep-gewortelde wantroue" by bruin studente wat versoeningspogings betref.

Volgens die bestuur laat die "nee"-stem huis die versoeningspogings oppervlakkig lyk.

Hulle voel dat dit noodsaaklik geword het dat lidmate moet besin oor die betekenis van versoening.

Studente moet luister na hul "anderskleurige broers en sisters" se "noodkreet" voordat hulle weer "allerhande besluite neem" wat

hulle raak.

Mnr. Marais het gesê die KJA se doelwit is in die eerste plek om versoening met die Sendingkerk en veral die studente van UWK te bewerkstellig. Die onlangse besoek was die eerste kontak wat KJA-studente van die twee universiteite in tien jaar gehad het. Samesprekings tydens die Sendingweek was ook 'n sukses, en die KJA's beplan weer ontmoetings in die nabye toekoms.

Versoening

Hy het gesê dat die bestuur besef dat versoening met UWK nie moontlik is as dit 'n "goedkoop versoening" is nie — dit sal iets meer van Stellenbosch studente vra.

'n Lid van die bestuur, mnr. Ernst Conradie, het gesê dat hulle nie wil probeer om enigiemand terug te wys nie. Hulle wil eerder 'n oop gesprek begin oor die probleem van versoening, en soodende gesindhede verander.



DIE kandidate op die SR-sirkus: V.l.n.r. Niël van der Merwe, Frank Raymond, Johann Bosman, Hendrik Stander, Phillip Verster, Le Roux van der Westhuizen, Derick de Villiers, Helmut Pool, Marieke van der Walt, Johan Bell, Hendrik du Toit, Cameron Kotzé, Karin Strydom en Francois Sieberhagen. Die verskuilde en afwesige kandidate was Karin Pickard, Annami Oosthuizen en Johan Punt.

NOU

In die Amerikaanse sagte pakkie



Kry die beroemde Amerikaanse smaak

LIGGETT & MYERS. TABAKKENNERS SEDERT 1873.

NOU HIER VERAARDIG IN LISENSIE VAN DIE OPVOLGERS VAN LIGGETT & MYERS TABAKMAATSKAPPY, DURHAM, NOORD-CAROLINA, V.S.A.



BIBLIOTEK

Sekuriteitsalarm se "ontydigheid" tydelik

PROBLEME wat tans met die JS Gericke-biblioteek se alarmstelsel ondervind word, hou "geen gevaar" vir gebruikers in nie, aldus dr. J.H. Viljoen, die Direkteur van Bibliotekdienste.

Apart

Die biblioteek se alarmstelsel werk op twee maniere. Daar is 'n sekuriteitsalarm wat ongemaatigde toe-

gang verhoed, en 'n brandalarmstelsel wat heeltemal apart van die sekuriteitsalarm funksioneer, het hy gesê.

Tydelik

Volgens dr. Viljoen bestaan daar tans "n klein tegniese fout" in 'n gedeelte van die sekuriteitsalarm. Dit veroorsaak dat die alarm telkens onnodig geaktiveer word. Hy het beklemtoon

Nuwe NP-takkies bestuur

Fourie de Kock

DIE nuwe grondwetlike bedeling gee aan die Blanke, Bruines en Indiërs die geleentheid om saam die reëls van die politieke spel in Suid-Afrika op te stel. Hierdie spel is een van oorleweng.

Kitsoplossings

So het dr. André van der Walt, LV vir Bellville, vorige week by die stigting van 'n Nasionale Party-tak op die

KGB probeer diens opknap

GEBRUIKERS van die JS. Gericke-Biblioteek moet assief daarop let dat inligtingsdienste by die vakbibliotekaris punte vanaf Maandag 3 September 1984 vir 'n proeftyperk slegs tot 21h00 in plaas van 22h30 gelewer word.

Hierdie aanpassings is gemaak om te verseker dat die vakbibliotekaris gedurende die dag meer geredelik by hulle dienspunte beskikbaar is. Voortaan sal die meeste van die personeellede dus elke dag vanaf 08h00 – 16h30 beskikbaar wees, behalwe Vrydagmiddaai, wanneer daar slegs twee persone aan diens sal wees. Gedurende weeskante vanaf 16h30 – 21h00 en Saterdae vanaf 09h00 – 13h00 sal daar ook twee vakbibliotekaris, een op elke vloer, aanwezig wees.

Tygerbergkampus gesê. Hy het bygevoeg dat die nuwe konstitusie die produk van harde en toegewyde werk is, en gewaarsku teen kitsoplossings, wat hy bestempel het as "n kortpad na chaos". Verder werf die Blanke volgens dr. Van der Walt met die nuwe bedeling vennote vir die taak om die "Christelike beskawingsorde" uit te dra.

Middeweg

By dieselfde geleentheid het mnr. Jip de Jager, LPR vir Bellville, die volg van 'n goue middeweg in die beplanning van Suid-Afrika se toekoms bepleit. Hy het ook verwys na die verhouding tussen die regering en professionele medici en gesê dat laasgenoemde dit besonders gelukkig het. Verder het hy die versekerking uitgespreek dat die Nasionale Party (NP) verbind is tot die beskerming van die Westerse norme in Suid-Afrika, en die NP se beleid jeens die Suid-Afrikaanse medici as rasioneel bestempel.

Die vergadering van sowat 35 mense het die nuwe bestuur vir die tak gekies. Die voorstitter en ondervoorsitter is onderskeidelik mnr. Japie du Toit en Johan Claassen. Die sekretaris is me. Elmarie Lubbe en die ander lede mnr. Pietie Loubser en Danie Pauw en mee. Alet Greyvenberg en Julia Lubbe. Al die lede is onbestreden verkies.

dat die probleem slegs tydelik is, en in 'n gebied waar in elk geval geen gebruikers toegelaat word nie.

Hy het bygevoeg dat die brandalarmstelsel "nogal redelik gesofistikeerd" is. Die stelsel maak onder andere van ioniese detektors, wat voortdurend die lugsmesteling monitor, gebruik.

Brand

In geval van brand sal hierdie detektors 'n alarm met 'n "stotter-toon" aktiever selfs voordat daar enige rook vrygestel word.

Slotte

"Dit gee die personeel kans om onderzoek in te stel. Indien die bestaan van 'n brand bevestig word, of as die alarm geignoreer word, sal die stotter-toon oorgaan in 'n loei-toon," het hy verduidelik. As dit gebeur moet studente die gebou onmid-

delik deur die naaste uitgang verlaat.

Dr. Viljoen het ook bevestig dat die biblioteek se nooddruifgange tans met hangslotte gesluit is. Dit moes gedoen word omdat studente ongemagtig van die uitgange gebruik gemaak het.

Volgens kol. A.W. Bester, is dit slegs 'n tydelike maatreel wat toegepas word tot tyd en wyl probleme met die sekuriteitsalarm uitgestry is.

Sleutels

Die idee was "dat die sleutels agter 'n glasplaatjie, wat maklik gebreek kan word, by die deure aangebring word," het hy gesê. Alhoewel die kontrakteurs (wat huidiglik nog vir die alarmstelsel verantwoordelik is) opdrag gegee is om dit te installeer, is dit nog nie gedoen nie.

Die instandhoudingsafdeling sal nou egter die sleutels self aanbring – "nog voordat *Die Matie* gepubliseer is," het hy bygevoeg.



V.l.n.r. B.F. de Villiers, Mark Heaton (MSM), Byron Russell (USA Foundation), Anneke Oosthuizen, Helmut Pool, Cameron Kotzé.

'Gematigde' studente landswyd verenig

DIE onlangse besoek aan Stellenbosch deur mnr. Byron Russell, direkteur van die USA Foundation, en mnr. Mark Heaton, media-beampte van die Moderate Student Movement (MSM) van die Universiteit van Kaapstad (Ikeys) het die fokus laat val op die aktiwiteite van "gematigde" studente op Engelse kampusse deur "radikale linksgesinde studente" deur middel van NUSAS. Anders as in die geval van NUSAS is lidmaatskap van die NSF vrywillig en elke student kan dus self besluit of hy wil aansluit of nie.

Op Ikeys, waar die NSF verteenwoordig word deur die MSM, is dit tans die grootste amptelike organisasie met 'n ledetal van meer as 250 studente. Die NSF se doelstelling is om die gematigde studente op alle Suid-Afrikaanse kampusse se politieke, sosiale en ekonomiese behoeftes en aspirasies te verteenwoordig. Hierdeur poog die NSF om die beginsels van patriotisme, vrye ondernemingsgees, individualisme en verantwoordelike evolusionêre verandering in die Suid-Afrikaanse situasie te bevorder.

Volgens mnr. Heaton staan die MSM op Ikeys en die NSF in Suid-Afrika nog in sy begin stadium, maar

kan daar beslis 'n groot gematigde stroming verwag word, teoordeel aan die belangstelling tot dusver. Ook die besoek aan Suid-Afrika deur mnr. Byron Russell van die USA Foundation, die NSF se eweknie op kampusse in die VSA, toon dat daar 'n wêreldwyne neiging van gematigde studente is om van hulle te laat hoor.

Gericke vorder in hospitaal

MEVROU Maria Elizabeth Gericke, die weduwe van die voormalige Vise-kanselier, dr. Kosie Gericke, is in die Stellenbosch-hospitaal opgeneem nadat sy in 'n motorongeluk in Merrimanlaan betrokke was.

Volgens die hospitaal het mevrou Gericke vermoedelike skedelbreuk opgedoen en het sy 'n gebroke sleutelbeen.

Die nuwe ondergrondse biblioteek is na mevrou Gericke se oorlede man, dr. J.S. Gericke, vernoem. Dr. Gericke was tot met sy dood Vise-kanselier van die Universiteit.

Volgens 'n hospitaalvoerder maak mevrou Gericke goede vordering en "gesels sy met almal".

Sypaadjes in dorp stapsgewys beter

DIE Munisipaliteit is tans besig om sypaadjes stapsgewys te verbeter, beginnende by die middedorp en ander hooggebruiksareas, sedi die burgemeester van Stellenbosch, prof. D.E.W. Schumann.

Hy het gereageer op klages dat die sypaadjes in Ryneveldstraat (voor die Ou Hoofgebou en die B.J. Vorster-gebou verby) en die boonste gedeelte van Merrimanlaan in 'n swak toestand is.

Prof. Schumann het gesê dat, sodra die herbouing van die Helschootepad en 'n verbindingspad met Idasvallei en Cloetesville voltooi is, die boonste gedeelte van Merrimanlaan verbind, en sypaadjes aangebring sal word.

Hy is nie seker presies wanneer dit sal gebeur nie, maar dit behoort oor on-


geveer twee jaar te wees. "Dit help nie om nou daar sypaadjes aan te bring wat oor twee jaar vervang moet word nie," het hy gesê.

Die verbreding van Merrimanlaan sal meebring dat die parkeerplekke voor die manskoshuis Simonsberg verdwyn, en die Universiteit sal dan alternatiewe parkeering aan studente moet voorseen.

Volgens prof. Schumann sal aandag gouer aan die sypaadjes tussen die Ou Hoofgebou en die BJ Vorster-gebou gegee word, indien studente of die Universiteit 'n amptelike klag by die Munisipaliteit indien. Daardie gedeelte sal dan, soos die res van Ryneveldstraat, geplavei word.

Mnr. J.S.N. Eitner van die Munisipaliteit se Ingenieursafdeling het aan *Die Matie* gesê dat intussen voortgaan sal word met normale gruis-instandhouding.

Akkerjol-redakteur vir 1985



Mnr. Dawid van der Merwe, 'n student in die Ingenieurswese, is aangestel as die hoofredakteur van die Akkerjol vir 1985. Hy het reeds twee jaar op die redaksie gedien as spotprenttekenaar. Die Akkerjol is Stellenbosch se karnavalblad.

Ecobwebs

Dorpstraat 145, Stellenbosch

Kerse Klere Vinotique: Bierglase met U.S. wapen, Spaanse wynsakke.




BENODIG

ONDERNEMENDE STUDENTE-AGENTE VIR 'N TOONAANGEWENDE DIAMANTFIRMA

Ons sal u oplei, die nodige ondersteuning gee en u help om goede kommissies in u spaartyd te verdien.

Kontak: Dr P. Prins, Posbus 6967 Roggebaai 8012 Tel: (012) 21-1200



Placard-bearing students sang freedom songs and chanted slogans against Chief Buthelezi. He was called a "puppet tyrant", a "terrorist" and a "murderer".

Universiteite saam by joekongres

STELLENBOSCH is vanjaar die gasheer vir die jaarlike nasionale joekongres en daar word tans kliphard gewerk aan die reellings om vanjaar se saamtrek weer 'n onvergeetlike gebeurtenis te maak. Die kongres is beslis uniek aangesien dit die grootste saamtrek van universiteite in die land is. Daar is 'n groot moontlikheid dat die Universiteit van Wes-Kaap, Transkei, Bophuthatswana en die Universiteit van die Noorde vanjaar sal aansluit by die ander elf universiteite in die land vir die kongres. Dit is ironies dat hierdie tipiese skakeling nie eens op Studenteraadvlak bestaan nie.

Stimuleer

NAJOSA (Nasionale vereniging van Joolorganisasies van Suid-Afrika) is amptelik in Augustus 1983 gekonstinueer met die oogmerk om die individu se vermoëns te ontwikkel en te stimuleer en om die gesamentlike pogings van studente via Karnaval te prikkel met die doel om die ekonomiese en sosiale welvaart van die mens deur maatskaplike dienste te bevorder. 'n Uitvoerende komitee word jaarliks uit die elf universiteite saamgestel en Stellenbosch was bevoorreg om twee lede op hierdie belangrike komitee te hé, nl. mnre. Johan Bell (ondervorsitter) en Lorenzo Bossi. Die ander lede is mnre. Nicholas Leonsins (voorsitter) van Wits, Hein Ahlers (ook van Wits) en André Scheepers.

van Kovsies. Vanjaar se kongres vind plaas vanaf 17 tot 20 September by die Century Hotel te Seepunt. Ongeveer sesig afgewaardigdes van die verskillende universiteite word verwag. Volgens mnre. Lorenzo Bossi, Karnavalvoorsitter vir 1983/84 en belas met die reël van die kongres, is die oogmerk met die kongres om die verschillende universiteite byeen te bring om idees en strategieë onder mekaar uit te ruil. Dit sal plaasvind deur die lewering van referate waar elke universiteit die geleentheid sal hé om 'n bydrae te lewer.

Van die referate wat belangstelling sal wek, is onder andere van Karnaval homself as 'n besigheidsgoriéerde, of blyt 'n welsynsinstantie moet voordoen, asook wat die mate van belangrikheid is wat gegee moet word.

Nog twee dosente word gedeporteer

UMTATA — Nog twee dosente aan die Universiteit van Transkei (Unitra) is uit die land gesit. Dit bring die totale aantal deportasies van akademici van die universiteit die afgelope drie maande op agt te staan.

Prof. F.A. Grens, hoogleraar in filosofie en prof. Andrew Beck, verbonde aan die Departement van Regsgeleerdheid, is twee weke ge-

aan die leiding wat Karnaval neem indien daar 'n gemotiverde studentemassa is wat Karnavalaktiwiteite ondersteun.

Ontspanning

Tussen al die harde werk deur sal daar egter ook genoegsame ontspanningwees. Verskeie onthale is gereel wat deur prominente sake lui bygewoon sal word. Mnre. Raymond Ackerman sal ook as een van die gassprekers optree. Van die ander geselighede sluit in 'n teetary aangebied deur die burgemeester van Stellenbosch.

Die kongres word in swier op 20 September afgesluit met die kroning van Mej. Kampus S.A. by die President Hotel te Seepunt. Mej. Matieland, Maché Booyens, sal Stellenbosch by hierdie uithanggeleentheid verteenwoordig.

Met hulle aankoms het hulle gevind dat die kamer se deur gesluit was. Mnre. Ensor het by 'n venster uitgeklip, op die lysie nadergeloop en by die venster ingeklim.

Hy het gesien hoe drie mans haastig hul toerusting in tasse wegpak. Die kampusbeheer het die mans geconfronteer, waarop hulle gesê het dat hulle verlof het om daar te wees.

Die Hoof van Elektroniese Ingenieurswese, prof. H.L. Natrass, het dit ontken. Hy het die mans se teenwoordigheid in sy departement veroordeel.

"Dit ontstel my nie net dat daar ongeoorloofde betreding van die gebou deur ongewenste elemente was nie, maar die mans kon dalk met duur en gevaarlike toerusting gepeuter het," het hy gesê. Die Elektronikabou kyk uit op die plek waar die UDF 'n protesvergadering teen die onlangse verkiesing gehou het.

Mnr. Ensor en lede van die kampusbeheer het die mans toegesluit en hul name gevra. Nadat hulle prof. Natrass getelefoneer het, is die mans vrygelaat.

Pigalle-Pigalle-Pigalle-Pigalle

Pigalle
DISCO
We'll make your party
Move

Tel. 72610

J. Conradie/L. van Wyk
Eendrag

**KOM
TOER
SAAM**

BUTHELEZI

Student protests cause cancellation

CAPE TOWN — A demonstration by University of Cape Town students caused a lecture which was to have been delivered by Chief Gatsha Buthelezi on Thursday 23 August to be cancelled.

Slogans

His subject was "Pragmatism in South African Politics — an Inkatha view."

The lecture was called off when placard-bearing students entered the lecture hall where the meeting was to be held. They sang freedom songs and chanted slogans against Chief Buthelezi, who was called i.a. a "puppet tyrant", a "terrorist" and a "murderer".

Minutes before the lecture was scheduled to begin, Mr Nic Boraine, chairman of the UCT SRC and one of the demonstrators, announced over the lecture hall public address system

that the students wanted to refuse Chief Buthelezi access to the university to avoid a repeat performance of the bloodbath at the University of Zululand last year.

Mr Boraine was referring to the incident where warriors armed with knobkieries, knives and assegais, who were allegedly Chief Buthelezi's Inkatha supporters, stormed the university and attacked students.

Five students were killed in the attack and over one hundred and fifty were injured.

The demonstration at UCT sparked antagonism between two sets of rival groups: the UDF and Inkatha, and secondly the SRC and NUSAS against the MSM (Moderate Student Movement).

Chief Buthelezi blamed the UDF for the cancellation of the lecture: "What happened last night, was unfortunately, another orchestrated incident in the dangerous battle the UDF is waging against Inkatha. I did not see the demonstrators but I was told they were holding defamatory and highly inflammatory posters referring to the tragedy at the University of Zululand."

and the SRC in a formal statement. According to the statement, NUSAS, the SRC and their allies never fail to denounce any infringement by the government on their freedom of speech. It is clear however, that they want these freedoms for themselves only, as demonstrated by the "intolerant and undemocratic behaviour" in disrupting Chief Buthelezi's meeting on Thursday. By their actions the students have shown themselves to be the "arrogant radicals" they are and the MSM strongly condemns these actions.

Workshop

Chief Buthelezi was to be one of the speakers at the last of the four-day "Workshop on conflict accommodation and conflict management in South Africa", organised by the UCT Centre for Intergroup Studies.

Apart from Chief Buthelezi's speech, a panel discussion had also been planned during which Chief Buthelezi, Mr W. Malan (NP MP for Randburg), Dr Nthato Motlana (chairman of the Soweto Committee of Ten), Mr Hassan Howa (UDF patron) and Dr Alex Boraine (PFP MP) were to have discussed "The Accommodation of the Needs and Aspirations of all Groups in South Africa".

'Spiogene' betrap op UDF-vergadering

DURBAN — Drie mans is by die Natalse Universiteit betrap nadat hulle na bewering op 'n UDF-studentevergadering gespioeneer het. Latere ondersoek het dat hulle moontlik lede van die Veiligheidspolie is.

Gedurende die afgelope week het die hoof van die Durbanse veiligheidspolie, brig. J.R. van der Hoven, gesê dat enkele van sy manne wel op die kampus teenwoordig was.

Hy het gesê dat hulle buitemuse aktiwiteite van studente ondersoek het. Brig. Van der Hoven kon nie sê of hulle in die gebou was nie, "maar hulle kon op enige plek gewees het."

Brig. Van der Hoven het gesê dat die universiteit

staatseindom is, dus kan die Veiligheidspolie op enige plek ondersoek instel.

"My personeel kan geboue ingaan, maar dit hang net af van watter gebou dit is, hoe laat en waarmee die onder-

soek in verband staan. Die meriete van elke ondersoek speel 'n rol," het hy gesê.

Mnr. Ensor se navrae oor die mans se motorregistrasie-

nommers het getoon dat hulle aan die Distrikshoof, C.R. Swartgebou behoort.

Dié gebou huisves die Durbanse polisie.

Kovsies stem: bly toe

BLOEMFONTEIN — 'n Gevoel van teenkanting bestaan onder studente teen die toelating van gekleurde studente op die kampus van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Dit is die uitslag van 'n peiling wat op die kampus gehou is.

Die uitslag kom as 'n verrassing — veral na die verligte standpunte van studenteleiers van die universiteit in die omlaagse verlede, asook op die 1984 ASB-kongres te Bloemfontein.

Altesame 6 500 voltydse en deeltydse studente was geregtig om hul mening te lug maar slegs 2 068 het gestem. Van hulle het 1 108 (53,29 persent) teen die toelating van voorgraadse gekleurde studente (Asiërs uitgesluit) gestem. Die stempercentsasie was 31,98%.

Die voorstander van die Studenteraad, mnr. Jan Pretorius, het gesê die SR berus in die mening van die studente en sal die uitslag amptelik aan die Rektor, prof. Wynand Mouton, oordra.

Mnr. Pretorius het gesê dat hy jammer is oor die klein stempercentsasie en nie weet wat die rede vir die studente se apatiese houding is nie.



The August 15 edition of Varsity, the University of Cape Town's student newspaper, was banned in terms of the Publications Act.

A. JEUGTOER NA ENGELAND EN EUROPA

19 Desember 1984—7 Januarie 1985 (persone 17—35 jaar). Besoek Engeland, Frankryk, Duitsland, Switzerland, Oostenryk, Italië en België. Wit Kersfees in Switzerland en Nuwejaar in Venesië. Toerprys: R2 899.

B. MALAWI en MAURITIUS

28 Junie 1985—16 Julie 1985 (Skoolvakansies in TVL, OVS, KP en SWA). Universiteitsvakansie. Nader: Dr. en mev. Attie van der Colf, Vryde Straat 42, Linden 2195, Johannesburg. Tel. 782-9195.



Me. Corinne Oosthuizen stel haar standpunt tydens die SAAK-vergadering. Saam met haar op die foto is me. Marisa Honey en mnr. Gerrit de Vos.

Beknopte LSS bly kopseer

DIE daaglikse samedromming van studente by die kitsarea in Neelsie bly steeds 'n groot kopseer. Talle studente moet dikwels teleursteld omdraai omdat die tou te lank is. Ander loop weer klasse mis as gevolg hiervan.

Owerhede

Mnr. J.W.F. Treurnicht, administratiewe hoof van die Langenhoven Studentesentrum (LSS), sê dat die owerhede terdeë bewus is van hierdie probleem.

Volgens hom sou baie verbeterings al aangebring gevrees het as die geld net beskikbaar was.

Die Beheerkomitee van die LSS het op 'n ringvergadering voorgestel dat 'n onderzoek eers gedoen moet word na die aantal mense wat daagliks deur die kits- en warm ete-area beweeg, sodat die werklike probleem vasgestel kan word.

Intussen het drie B.Sc.-studente, mnr. B. Adriaan, L. de Villiers en A. Deacon in 'n onlangse projek 'n gevalliestudie oor die kitsarea in die Neelsie gemaak.

Ondersoek

Volgens die ondersoek blyk die probleem duidelik as daar na die uiterste gevallen gekyk word, dit wil sê van 10h00 tot 11h00 en van 13h00 tot 14h00. Gedurende eersgenoemde tyd is die kasregister 83% van die tyd ledig terwyl dit gedurende laasgenoemde tyd voortdurend besig is.

Hulle het gevind dat gemiddeld 24,18 persone tussen 12h00 en 13h00, meer as 77 persone tussen 13h00 en 14h00 en 39,30 persone tussen 18h00 en 19h00 weg gewys word. Deur 'n tweede kasregister oop te maak en die aantal persone tussen die twee te deel, kan die probleem geheel en al opgelos word.

Mnr. W. Roos, beplanningsingenieur aan die Universiteit van Stellenbosch, het voorgestel dat die kits- en warm ete-area dalk omgeruil moet word om die sameenkomming in eersgenoemde te verlig. Daar kan ook voorsering gemaak

Studente-unie moet groter inspraak kry

"DIE foute inherent aan ons huidige SP-stelsel is so groot dat die stelsel op die oomblik grootliks oneffektief is." Hierdie stelling is deur me. Corinne Oosthuizen, oud-redakteur van *Die Matie*, tydens 'n SAAK-vergadering op 27 Augustus gemaak.

SP/SR-stelsel

Die onderwerp van die vergadering van die Stellenbosch Aktuele Aangeleentheidskring was: SP/SR: werk die stelsel?

'n Interdissiplinêre Seminaar "THE OBSERVER AS PARTICIPANT"

12 September om 10h30 (tot ± 12h30)

Otto Schrödersaal, Dept. Beeldende Kunste

Deelnemers:

Regsgemeerdeheid	— DR. HUGH CORDER
Drama	— MNR. HERMAN PRETORIUS
Filosofie	— DR. ANTON VAN NIEKERK
Politieke Filosofie	— PROF. JOHAN DEGENAAR
Kuns	— MNR. TIMO SMUTS
Sielkunde	— ME. MAUREEN SHAW
Fisika	— DR. HENDRIK GEYER (Instituut vir Teoretiese Kernfisika)

Daar sal geleenthed vir bespreking en vrae wees.
Navrae: Tel. 72806 Mnr. Victor Honey

Volgens me. Oosthuizen het Stellenbosch 'n nuwe Studenteparlement (SP)-stelsel dringend nodig. Die huidige stelsel veroorsaak swak verteenwoordiging, dit belemmer debat en versterk veral die mag van sub-groepering in die SP.

Omdat die huidige stelsel gebaseer is op geografiese verdelings, is die relatiewe verdeling tussen die koshuiswyke en die Privaatstudente-Organisasie belangrik, het me. Oosthuizen gesê. Koshuise beskik tans oor 70% van die SP-lede, terwyl hulle slegs 4 000 van die 12 000 studente akommodeer.

Volgens die alternatiewe stelsel wat me. Oosthuizen voorgestel het, moet 50% van die SP geografies verkies word, sodat elke wyk 'n verteenwoordiger het. Die res van die SP-poste moet uit buitengewone kandidate, wat deur die hele studente-unie verkies word, bestaan.

Mnr. Christo van Heerden, ondervorsitter van die Studenteraad (SR), het in sy toespraak gesê dat hy nie ontken dat daar probleme met die stelsel is nie.

Volgens mnr. Van Heerden beoog die huidige SP-stelsel om die studente-unie 'n wye inspraak te gee, omdat daar 'n baie wye verteenwoordiging op beleidmakende vlak as in die verlede is.

Mnr. Le Roux van der Westhuizen, tesorier van die SR, het in sy toespraak veral verwys na die uitslae van die laaste SR-verkiesing onder die ou stelsel (1980/81 termyn).

Kiesers

Volgens hom blyk dit duidelik dat kiesers stem vir kandidate wat hulle persoonlik, dog oppervlakkig, ken.

Me. Esmaré van der Merwe, 'n gewese SP-lid, het gesê dat daar onderskei moet word tussen die werkelike en skyngebreke van die stelsel.

Me. Van der Merwe het voorgestel dat die stelsel aangepas moet word. "Die agt buitengewone kandidate kan byvoorbeeld deur die hele studente-unie verkies word," het sy gesê.

Volgens mnr. Gerrit de Vos, 'n gewese SP-lid, het die Primkomitee die afgelope aantal jaar direk teen die SR en SP gewerk, terwyl hulle onderskeie rolle radikaal verskil. Die SP word gesê om 'n politieke rol op die kampus te vervul, het mnr. De Vos gesê.

Die laaste spreker op die vergadering was me. Marisa Honey, gewese lid van die SP en tans Nuusredakteur van *Die Matie*.

Volgens haar is studente nie bereid om met hul probleme te gaan na 'n liggaam wat volgens hul mening niks vermoe nie. "Die indruk word dikwels ook geskep dat die SR en SP te behep is met uitsprake oor nasionale-politieke aangeleenthede as om tyd te bestee aan 'nederiger' sake soos studente-aangeleenthede," het me. Honey gesê.

Me. Honey het ook gesê dat die bevoegdheid van die SP veral vanjaar bevraagteken kan word, aangesien 18 van die 31 setels onbeding is.

Step into the world of High Fidelity with Technics

THIS WELL MATCHED HI-FI SYSTEM FOR ONLY

R725,00

INCLUDES:
SB 240 SPEAKERS
SLB 200 TURNTABLE
RSB 10 CASSETTE DECK
SUZ 15 AMPLIFIER

Tuner and Stand optional extra.



Stellensound

Phone 73004/5/6

Stellenbosch Furniture Co. cnr Andringa & Church st.





Some students braved the weather to herald Spring with a champagne breakfast.

Spring arrives despite capricious Cape weather

SPRING FEVER has arrived. On Saturday, 1 September, Spring was heralded with champagne, blossoms and buoyant spirits, despite the capricious Cape weather's attempts to wash out the celebrations.

Festivities

Festivities commenced early on Friday. Heemstede's first years took the initiative, presenting flowers and cards to the men's residences at 6.30 am!

Lydia organized a special "Henne" breakfast; Nerina and Dagbreek held a braai and "sokkie" on Friday evening, while Huis ten Bosch welcomed spring wholeheartedly — their programme included a champagne breakfast at 6.30 am on Friday with Helderberg and lunch and ice-cream followed by a "sokkie" with Wilgenhof.

Flowers

First years were commissioned to beg, borrow or steal flowers to decorate their residences. Huis ten Bosch chose the last alternative and ventured by truck to neighbouring farms, taking advantage of the dark. Amid the oohs and aahs

at the sight of masses of flowers strung across banisters and filling staircases, the odd cynical comment was heard — "Think of the drastic reduction of the flower population!" Erica seems to have abstained from the celebrations, as by 10 am, there was no evidence of spring fever.

Wellingtons and raincoats would have been more appropriate.

Sangfees eer US-koorleier

SANGFEES is vanjaar opgedra aan prof. Johan de Villiers, uitredende dirigent van die Universiteitskoor. Dit het geduur vanaf 22 tot 24 Augustus. Volgens die rektor en vise-kanselier, prof. M.J. de Vries, is Sangfees '84 aan prof. De Villiers opgedra omdat hy na agt jaar as dirigent van die Universiteitskoor van Stellenbosch uitree. En tweedens omdat dit huis gedurende 'n sangfees — dié van 1967 — was dat hy sy eerste tree as dirigent gegee het.

Volgens me. Anneke Oosthuysen, SR-lid vir kultuur en

voorsitter van die sangfeesreëlkomitee, het sy en haar agt komiteelede gepoog om vanjaar iets anders aan te bied. Hulle het op die tema: "Die Stellenbosse student — van toeka tot nou" besluit, maar het hulle nie daardeur "gebind laat voel nie". Me. Oosthuysen meen dat alhoewel hulle probleme met die beligting gehad het, dit tog geslaagd was en 'n deurlopende geheel gevorm het.

Behalwe die 14 koshuiskore het daar ook genooide gaskunstenaars opgetree. Hulle was nl. die US-koor, Kraaie, Eiffelkoor, Madeliefkoor en Take Five. Die sangfeeskomitee wou 'n bietjie "wegbrek van die tradisionele" en het daarom vir Take Five, een van die deelnemers aan die TV-program "Follow that Star", genooi.

Raak u Verloof?

lees dan verder . . .

Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikste in u lewe . . . die keuse van die regte verloofring 'byna net so. Gelukkig is daar 'n diamantseskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.

Spectra Diamante is 'n diamantsaak met eie goudsmeeuwere wat diamante en monterings teen groothandelprys direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel prys.

Daar is 'n groot verskeidenheid verloofringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.

Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings-en-waardasie sertifikaat . . . u waarborg van egtheid en gehalte.

Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting te maak. Of, skryf vir ons gratis brosür; "Kies 'n Diamant".

SPECTRA DIAMANTE

Sabelsentrum Nr 7
H/v Voortrekker & Durbanweg
Bellville Tel 97 5552



KARNAVAL '85

Masjinerie en ratte reeds aan't werk

DIE 1984-Karnaalpoging het so pas afgeskop. Vir die Uitvoerende Komitee van die 1985-Karnaalkomitee is die Karnaal reeds in volle swang ná 'n beplanningsweek by Goudini. Die masjinerie van verskeie belangrike Karnavalaktiwiteite het ook reeds in rat gekom.

Lede

Die lede van die Uitvoerende Komitee vir 1985 is deur die voorstitter, mnr. Banie Janse van Vuuren, bekend gemaak. Die tesourier is mnr. Klaus Laborn, en die drie ondervoorstoppers is mnr. Phillip Hörlmann, mnr. Hugo Lambrechts en me. Nolene Wessels. Die uitvoerende sekretaresse is me. Lilla Liebenberg.

Die res van die breë komitee is reeds saamgestel en het mekaar onlangs by 'n bekendstellingsfunksie leerken. 'n Tweeledige doelwit is deur die komitee gestel: Primêr om 'n vrolike Karnavalatmosfeer te skep en sekondêr om so 'n groot as moontlike wins aan USKOR te oorhandig.

Inskrywings vir Mej. Matieland word reeds ontvang. Vanaf vanjaar kan, benevens die gebruiklike promotoers, ook manskoshuisse dames vir die kompetisie inskryf. SMOEG-punte word

toegeken aan die manskoshuisse wat die finaliste inskryf het, terwyl daar ook prys op die spel is vir die persoon of koshuis wat Mej. Matieland inskryf.

Inskrywings vir Mej. Matieland moet teen 6 September 1984 by die Karnaval-kantoor ingehandig wees. Die 20 semifinaliste word op 25 September aangewys by 'n kaas- en wynfunksie wat deur Barclays Bank geborg word. Hieruit word die tien finaliste op 18 Oktober by die Spier-restaurant gekies.

Debutantes

Debutantes vir 1984 word ook tans gewerf. Hoewel dames hoofsaaklik by die koshuisse genader word, kan belangstellendes steeds by die Karnaval-kantoor inskryf of met me. Carlien Calitz (Lydia) of me. Gretha Delport (Serruria) skakel. Op 20 September word 'n inligtingsvergadering en 'n kaas- en wynfunksie vir die nuwe

debutantes aangebied. In die manskoshuisse word inskrywings vir Karnaval-

meesters vir 1985 aangemoedig. Inskrywings sluit op 29 Oktober.



Die Uitvoerende Komitee van die 1985 Karnaval-komitee is: Agter, v.l.n.r. Phillip Hörlmann, Lizchen Marais, Klaus Laborn, Nolene Wessels, Dawid van der Merwe (Akkerjol-redakteur) en Hugo Lambrechts. Voor v.l.n.r. is me. J. Roelofse (administratiewe beampete), Banie J. van Vuuren (voorstitter) en Lilla Liebenberg.

Ruk-en-rolorkes speel hard rock



Hier is die lede van die groep in ligte luim. V.l.n.r. Charl van der Bergh (kitaar), Lieb Venter (kitaar), Greg Pentopoulos (kitaar en leider) en Keith Coxon (tromme).



RADIO MATIE has renewed its drive to increase interest and participation in the student radio service. In a bid to close the gap between the D.J. and the populace, various competitions are to be organized with amazing records as prizes. We at Radio Matie would like to see you up in the studio with requests or messages which you would like on the air — so don't hesitate to approach the Radio Matie studio. Those of you who saw the Radio Matie stage production at last week's drama festival must realize that Radio Matie fills not only its primary function of a vibration station for the people but is also a fully participatory cultural organization of this university. Listen to Radio Matie and you will hear not only your favourite music but also: world news, varsity news, sport news, surf

report and reports on such bizarre activities as marathon running. The Radio Matie staff puts an incredible amount of time, energy and enthusiasm into bringing on our very own cool sound of campus radio.

We need your support to keep the station fulfilling its true role of the people's radio station.

1. Wham! — Wake me up before you go-go.
 2. Jacksons — State of shock.
 3. Blancmange — Don't tell me.
 4. Frankie goes to Hollywood — Two tribes.
 5. Spandau Ballet — Only when you leave.
 6. Cyndi Lauper — Time after time.
 7. The Cars — Magic.
 8. Nik Kershaw — Wouldn't it be good.
 9. Bright Blue — Window of the world.
 10. Alan Parsons Project — Prime Time.
 11. Chris Rea — I don't know what it is but I love it.
 12. Thrim Firin — Fraction too much Fiction.
 13. Alison Moyet — Love Resurrection.
 14. Romantics — One in a million.
 15. Bruce Springsteen — Cover me.
 16. Roger Waters — Pros and Cons of hitchhiking.
 17. Australian Crawl — Lakeside.
 18. Pretenders — Middle of the road.
 19. Alphaville — Big in Japan.
 20. Fiction Factory — Ghosts of love.
- Top 20 committee:** Bryan Sher, Russell Durham, Andrew Pagewood.

JEUGTOER!! VIR DIE OUDERDOMSGROEP 18-35 JAAR

25 DAE: VANAF 9 DESEMBER 1984 TOT 2 JANUARI 1985.
BEHOEK 10 LANDE: ENGELAND, FRANKRYK, MONACO, ITALIE,
LICHTENSTEIN, OOSTENRYK, SWITZERLAND, WES-DUITSLAND,
NEDERLAND EN BELGIË. Toerprys R2 650 per persoon.

Let wel dat indien u prys wil vergelyk, September se lugtarewue verhoging asook huidige buitelandse wisselkoerse **reeds in berekening gebring is**.

Vir verdere besonderhede voltooi asseblief onderstaande koepon van skakel Lydia van der Merwe by (011) 29-6311.

AAN: KUONI, Posbus 10733, JOHANNESBURG, 2000
Stuur asseblief vir ons meer inligting oor die Jeugtoer.

NAAM: _____

ADRES: _____ (poskode) _____ (tel) _____

(poscode) _____ (tel) _____



Soortgelyke betogings teen die Nuwe Bedeling het ook op die kampus van die Universiteit van Kaapstad plaasgevind.

Betogings lei tot polisie-optrede

Faan Herholdt

BELLVILLE — Onrus op die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland duur voort. Op 27 Augustus het polisiemanne sonder waarskuwing met rubberkoeëls op die studente losgebrand.

'n Koeël het die vise-rektor, prof. Jaap Durand, net-net gemis toe hy wou vrede maak. Die studente was met 'n vreesame betoging binne die kampushekke besig.

Geweld

Die rektor, prof. Van der Ross, het met prof. Durand na die polisie gegaan om uit te vind waarom studente binne die kampusgronde rondgegaag is en waarom die polisie op hulle geskiet het. Hierdie geweld het losgebars nadat die polisie prof. Van der Ross verseker het dat hulle nie binne kampusgronde teen studente sal optree nie.

Nadat Swapo-lede die studente by 'n monstervergadering toegespraak het, het 1 500 studente binne die hekke gaan betoog. Sommige studente het vryheidsliedere in die straat gaan sing.

Die spanning het oopgelaa terwyl 'n polisefotograaf sommige van die studente afgeneem het. Dieselfde man het ook op vroeëre protesvergaderings foto's geneem. Toe SR-lede hom gevra het

om weg te gaan, het hy gesê: "Julle beweeg op dun ys," volgens ons korrespondent.

Om eenuur die middag het 'n bussie stilgehou buite die hekke. Polisiemanne het uitgespring en na die studente gehardloop. Hulle het die studente naaste aan hulle gearresteer.

Hierna het agt vangwaens stilgehou, polisiemanne het uitgespring en op die studente losgebrand. Ten minste vyfien rubberkoeëls is afgeweert.

Prof. Durand het die studente probeer kalmeer toe die polisie opgehou skiet het. Toe hy na die polisie gestap het om 'n verdadeliking vir hul optrede te vra, het hulle weer begin skiet. 'n Koeël het hom net-net gemis.

Nadat die polisie studente binne die kampushekke bestorm het, is klippe gegooi. Een motor se ruit is uitgegooi en 'n polisieman het beserings opgedoen toe hy met 'n gebreekte bottel gegooi is.

Gearresteer

Altesame elf studente is gearresteer. 'n Lektor is ook in hegtenis geneem. Hulle is sedertdien op R50 borgtog vrygelaat.

Lede van die akademiese personeel het die polisie van wredeheid beskuldig. Die studente is op so'n manier uitgelok dat 'n klipgooyer

Call for more black doctors

THERE are clear inequalities in the South African educational system between non-whites and whites resulting in, among other things, a serious deficiency in black doctors.

This was said by Mr Riedwaan Pillay, a medical student at the University of Natal, during the recent medical students' conference held at the University of Cape Town Medical School.

He said that the inequality was a direct result of the government spending ten times more on the average white child's education than on his/her black counterpart. Not only does this diminish the number of prospective black medical students; in the case of medical schools selecting only on academic merit they are at a disadvantage.

If 1978 figures for registered medical students are studied, it becomes clear that the white : indian : coloured : black ratio of doctors per million of the respective groups is 73 : 41 : 2,8 : 1.

An obvious objection is that there are too few medical schools for the large black population. Mr Pillay stated, however, that the ratio of medical schools to the entire population in South Africa is 1:4,3 million which compares reasonably with the USA and Germany (1:2 million); as well as countries like Pakistan (1:5,7 million) and India (1:6,3 million). Thus there are almost enough medical schools but they are unevenly distributed; whites have ten times more medical schools per million than the blacks. Mr Pillay did not give any estimate of the number of blacks currently treated by white doctors.

Indiër-kandidaat ontlok kritiek

DURBAN — Die eerste Indiër het haar vir die verkiezing van die Studenteraad van die Universiteit van Natal beskikbaar gestel. Me. Fatima Khan sê dat sy nog blanke, nog swart studente sal toelaat om haar te intimideer.

Sy het gesê dat 'n swart student haar van uitverkoper beskuldig het en 'n Blanke het gesê sy is 'n liberalis. Nogtans glo me. Khan dat sy 'n definitiewe rol kan vervul op die SR.

Seventien kandidate het hulle vir die vyfien poste verkiesbaar gestel. Deurdat sy haar verkiesbaar gestel het, het me. Khan die Black Student's Society se reël oortree wat sê dat geen swart studente aan nie-akademiese aktiwiteite op die kampus mag deelneem nie. Hierdie vereniging is besonder in-

Ex-Judge proposes change

JOHANNESBURG — Mr Justice V.G. Hiemstra, chancellor of the University of South Africa, believes that the only way for South Africa to be accepted back into the Western World is through the acceptance of a Bill of Rights.

This was evident when the former judge delivered the L.C. Steyn Lecture at the Rand Afrikaans University. He emphasised that the bill should recognize the dignity of man and reject any form of racial discrimination.

"The concept of a Bill of Rights gained tremendously after the Second World War and lies undeniably in our constitutional future if we do not want to become more and more isolated," he said.

Mr Justice Hiemstra said further that "South Africa is a fermenting ground for this idea. The way in which to go ahead with the idea of a Bill of Rights is step by step, building on established principles of law and by taking into account the problems related to ethno-cultural pluralism."

Studente voor spel donker toekoms

John Grobler

KAAPSTAD — Engelssprekende studente is baie pessimisties omtrent Suid-Afrika se toekoms, terwyl die oor-grote meerderheid van studente ernstige bedenkinge het oor enige vorm van meerderheidsregering in Suid-Afrika.

Navorsers

Die insiggewende gege-wens blyk uit 'n meningspeiling onder studente en skoliere van alle bevolkings-groepes, gedoen deur twee navorsers van die Universiteit van Kaapstad. Op die onlangse simposium van die Sentrum vir Intergröpstudie, is dié interessante feite bekend gemaak as die voorlopige bevindinge van 'n breë ondersoek na die onderskeidelike politieke ideologieë van Suid-Afrikaanse studente — bruin, blank, swart nasionalistiese oogmerke.

Die algemene gevoel onder die meeste studente is dat die enigste weg na 'n vredesame toekomsbestel in sinvolle gesprek en politieke onderhandeling lê. 'n Interessante korrelasie tussen verregse Blankes en militante Swartes is getref — op politieke vlak is hulle skadubbele van mekaar. Beide faksies se tiperende kenmerk is hul ekstreeme nasionalistiese oogmerke.

Na aanleiding van die ondersoek wil dit blyk dat Engelssprekendes nog nie van die ineenstorting van die Britse Koloniale Ryk herstel het nie.

Hierdie navorsing word gedoen deur prof. Peter du Preez, hoogleraar in sielkunde, en dr. Peter Collins,

vloedryk op die kampus, berig die *Sunday Times*.

Indien me. Khan verkieks word, sal dit ironies wees aangesien slegs blanke studente vir haar sal stem. Die swart studente boikot alle kampusverkieatings.

senior dosent in staatsleer. Die werkstuk is nog onvoltooid en finale indrukke kan dus nog nie gegee word nie, het die navorsers beklemtoon. Enkele aspekte van die jeug se politieke bewustheid het wel aan die lig gekom.

Die algemene gevoel onder die meeste studente is dat die enigste weg na 'n vredesame toekomsbestel in sinvolle gesprek en politieke onderhandeling lê. 'n Interessante korrelasie tussen verregse Blankes en militante Swartes is getref — op politieke vlak is hulle skadubbele van mekaar. Beide faksies se tiperende kenmerk is hul ekstreeme nasionalistiese oogmerke.

Na aanleiding van die ondersoek wil dit blyk dat Engelssprekendes nog nie van die ineenstorting van die Britse Koloniale Ryk herstel het nie.

Self-identifisering as Suid-Afrikaners is vir die Engels-sprekende studente bykans onmoontlik. Geen kan 'n Suid-Afrikaanse persoonlikheid noem met wie hy/sy wou identifiseer nie, maar het liewer na vooraanstaande Britse persoonlikhede verwys. Dienoorenkostig distansieer hulle selfs ook van Suid-Afrika en die land se toekoms — Brittanje bly nog altyd "home sweet home".

Oplossing

Die donker toekoms wat hulle vir Suid-Afrika voor-spel, hinder hulle nie, aan-

gesien hulle klaarblyklik 'n heenkom in Engeland sal vind. Die bruin en Indiër-studente, daarenteen, is meer positief en sien 'n sosialis-tiese stelsel as 'n oplossing vir Suid-Afrika se staatkundige probleme.

Afrikaansprekende studente se moderne ghuru's is mense soos Breyten Breytenbach en prof. André P. Brink, alhoewel die Verwoerdianse filosofie van segregasie homself nog manifester in die studente se politieke siening. Hulle projekteer die toekomstige Suid-Afrika as een waar elke etniese groep deur sy eie mense regter word. Die Engelse studente sal graag 'n regering wil sien waaraan alle Suid-Afrikaners deelkan hê sonder dat kleur of af-koms in die gedrang kom.

Wantrouwe

Swart studente daarenteen sou graag 'n swart regering vir die hele Suid-Afrika wou sien, maar het nogtans hulle wantrouwe teenoor enige vorm van meerderheidsregering uitgespreek. Die punt is verder uitgelig deur 'n ander referaat gelewer deur dr. Prior op dieselfde simposium. Dr. Prior, ook van die Universiteit van Kaapstad, het gesê dat die A.N.C. nou vir die eerste keer sedert 1909 sterk internasionale druk ondervind om te besin oor sy beleid van geweld.

Die huidige ontwikkeling kan bepalend wees vir die vrede in Suid-Afrika vir die druk ondervind om te besin oor sy beleid van geweld.

volgende dekade. Faktore soos die Verdrag van Nkomati en die onmag van Suid-Afrika se buurstate teenoor die dominasie van Suid-Afrika, het die vraag in A.N.C.-geledere laat ontstaan of geweld nog enigsins moontlik is.

Voorwaarde

As daar op hierdie stadium aan sekere voorwaarde voldoen word, glo dr. Prior dat 'n grondslag vir vrede en politieke skikking gevind kan word, wat 'n politieke skikking binne die volgende twee dekades tot gevolg kan hê.

Die voorwaarde genoem deur dr. Prior in sy tentatieve voorstelling vir 'n moontlike skikkingssoekoms, is die volgende: die verskuiwing van A.N.C.-steun vanaf lande in die Oosblok na Westerse moondhede; verskerde Amerikaanse steun indien die A.N.C. 'n burgerregtelike rigting inslaan en homself distansieer van enige militêr-revolusionêre oorwegining; die realisering van 'n sterke genoeg faksie binnek in die A.N.C. wat die gebruik van geweld teenstaan en 'n Suid-Afrikaanse regering wat bereid sal wees om die A.N.C. te ken in enige politieke magverdeling.

Die Suid-Afrikaanse premier, mnr. P.W. Botha, het reeds sy gewilligheid om met enige nie-gewelddadige politieke organisasie te onderhandel, te kenne gegee, aldus dr. Prior.

Is u ook meer werd?



A.C. Kotze
(Senior Takbestuurder)



F. Visagie (IQA)



W.S. Malherbe (B.Econ)



A. Jordaan



J.C. Esterhuize



T.J. Basson (B.Sc)



J.A. Liverange



J.C. Jansen van Vuuren

Nog nie? Span dan saam met ons.

Want Sanlamers is nou meer werd as wat enigemand ooit kon droom.

Danksy Sanlam se rekordbonusverklaring van R1 000 miljoen.

En dis al die vyfde keer in vyf jaar dat Sanlam die bonuskoers van ons polisse verhoog.

Om die kroon te span, is al die winste uit Sanlam se kundige beleggings en streng kostebereer ons poliseienaars s'n. Hulle is mos Sanlam se enigste aandeelhouers.

As u dus nog nie jaar na jaar meer werd word nie, gesels met ons. En een van die dae is u ook meer werd.

Die Sanlam-kantoor
h/v Plein- en
Van Ryneveldstraat
Stellenbosch 7600
Tel. (02231) 72910

Sanlam
Waar u toekoms tel



De Kompanjie's new production, *La Vie en Rose*, promises to be even more exciting than their previous ones.

Kunskalender

FILMS

• Cine 1 en 2/Tel.nr. 4464
3-8 Sept. — Greystoke: The legend of Tarzan, Lord of the Apes.

17-22 Sept. — Alfred Hitchcock suspense movie week — sluit o.a. in Vertigo en The man who knew too much.

• Baxter

27 Aug.-8 Sept. — Contemporary Film Festival, met o.a. Streamers, The Ploughman's Lunch en Wild Style.

• Labia

Vandag — Rope, Bolero, The man who knew too much.

TONEL

• Arena (Oranjestraat, Kaapstad)

7-15 Sept. — Scapin, 'n Franse opvoering.

• Baxter Studio

20 Aug.-15 Sept. — West. Regie: Neil McCarthy.

BALLET

• Baxter

14-22 Sept. — The Nutcracker

er — UK Balletskool.

MUSIEK

• Nico Malan

7-8 Sept. — Juwele uit die Weense operettes.

• Endlersaal

7 Sept. — Philip Levy, Suid-Afrikaanse pianis. Werke van o.a. Brahms en Chopin.

Etensuurkonserte op Donderdae (6, 13, 20 en 27 Sept.)

Sondagaanduitvoerings

9 Sept. — Kamermusiek van Franz Schubert. Ensemble o.l.v. Eric Rycroft en Olivier de Groot.

16 Sept. — Magdalena Roux, tjello, en Marijke de Villiers, klavier.

KUNS

• US Kunsmuseum

Tentoonstelling deur Juveliersontwerpstudente.

• Die Kaapse Galery

Tot 29 Sept. — Tentoonstelling van akwarelle en olieverfskilderye deur Renée van der Vyver.

□

Elektro-opera beïndruk

OUNG, die unieke elektroniese opera van Nataniël Le Roux, is van 21-24 Augustus in die Endlersaal aangebied.

Die opera beeld 'n primitiewe emosie op 'n eenvoudige wyse uit. Die hoofkarakter, Oung, se hunkerende liefde vir haar man, Igh, is 'n oeroue gevoel wat suksesvol deur die opera oorgedra word. Die opera is op 'n doeltreffende wyse aangebied en die sangers was op beide die verhoog en klankbaan oortuigend.

Die besondere stem van Isabelle van Zyl regverdig

die feit dat sy die beste musiek in die opera sing. Sy gebruik haar stem op 'n merkwaardige wyse. Ook was die stem van Sonja van Zyl as Y baie indrukwekkend.

"This guy can write for the voice", sê Johan Cloete van die Argus. Sy kritiek was dat "the musical argument lacks conviction and visually there was little to hold one's attention." 'n Student het gesê: "Die opera het aanvanklik baie visuele trefkrag gehad. Die atmosfeer wat geskep word deur die kombinasie van Isabelle se stem en

die elektroniese klank is baie effekief. Na die aanvanklike stimulerend neem die atmosfeer egter af, met die gevolg dat die opera nie in 'n klimaks eindig nie." 'n Ander student was van mening dat die opera van begin tot einde baie vaag was, maar dat die laaste deel se musiek baie goed was.

Nietewstaande kritiek is almal dit eens dat Oung 'n besondere studentwerk is en dat Nataniël daarin slaag om uit moeilike materiaal iets indrukwekkend te skep.

Die musiek en muisiekregie van 3-D word gedaan deur mnr. Constandius. Ook die lirieke is deur hom geskryf. Mnr. Constandius het ook opgetree as muisiekregisseur en medekomponis van Ekskuus vir die Wals.

Roger Waters:

THE PROS AND CONS OF HITCH-HIKING

NOW let me tell you one thing: I'm also one of those hep-cats who grew up with Pink Floyd's *Dark Side of the Moon* hidden deep in my closet (all those clocks ticking, sudden screams and money falling nearly drove my poor mother berserk). I was therefore in a fog of bliss when I opened my copy of this, the latest solo offering by Roger Waters, ex-Floyd hippie and guru, and put it on my turntable with a photogenic little smile.

The biggest mistake one can make with this record is to actually play it. Rather play frisbee with it, or put the cover up on your wall. Because this must rate among the biggest lot of senseless noise ever put on vinyl. Can this be the man who gave us the divine *Pink in The Wall*?

Come to think of it, it's that "My Guitar Can Play Louder Than Yours" time of the year again. Here Waters slugs it out with Eric Clapton, and nobody wins. Only the

MARINUS VON RAVENSTEIN

listener loses. No-one can shriek as high as Roger Waters. No-one can grunt as low as Roger Waters. But just because I can also get into a size 28 pair of jeans, does not necessarily mean that I can make a record. And when it pinches me where it shouldn't, does not mean that I should scream: "Wheeeaaaa! For the pros and cons of hitch-hiking!!" together with some demented woman session-singer.

The best thing about this LP could have been its cover: a nude woman in superb physical shape standing hitch-hiking against a painted backdrop. I say "could have" because our local record companies blocked out her bare bottom with black strip in the first pressing, then painted on a red bikini for goodness' sake), turning it into typical kitsch Scope-type regalia. But don't be conned into buying an import copy just because there's a nude woman on the cover. Considering the pros and cons of listening to Roger Waters' *The Pros and Cons of Hitch-Hiking* I've decided that this record is one big con. □

MARINUS VON RAVENSTEIN

La Vie is showy music with lights and décor

THE Stellenbosch Revue group, *De Kompanjie*, is planning a new show, *La Vie en Rose*, which will be running at the HB Thom Theatre on 7 and 8 September.

Putting on the Ritz was a sell-out — even the standing place was overcrowded — and by all accounts *La Vie en Rose* will be too.

The Revue group started their productions after about two years' struggle to get the group off the ground. The germ of the idea was planted by the wave of cabarets done by people like Etienne van Heerden and Hennie Autcamp, so Ted Scott and Anthony Constandius decided to give the public voice a stand from which to speak.

To do this, they have to cater for all tastes. Accordingly, their style changes with the mood of both the occasion and that of the audience. Whereas their open-air performance had to have loud, brash music, their *Ritz* was an extravaganza in the true sense of the word. *La Vie en Rose* calls for showy music with both lights and decor.

So, as Mr Scott says, "Although the shows are a creative or rather re-creative process (there is both a lot of old as well as new work), one has to be able to pulse the mood."

There is no specific story in this show, which makes the production fairly difficult. "Unlike a cabaret in

which questions are asked that don't have to be answered, the revue is more difficult because one has to ask a greater variety of questions as well as give all the answers. In a way, while the cabaret is a question, the revue is more of an answer."

La Vie en Rose is not graced by a specific character, but rather by a central idea which is portrayed by many different people. It starts off with Piaf's song *La Vie en Rose*, and a girl coming to the city, finding out about the café scene and getting a general education — in other words the "discovery" period. This period is ended by *Bye bye love* which also introduces the

"depression" period, one of self-discovery and an internal search. The last period is the reconciliation of the two when one comes back into the swing of life.

Don't expect the known, popular songs to sound like Queen or Simon or anyone except the person singing in the Revue — you're going to get a lot of people "doing their own thing" — but do expect to have a theatrical piece of show-biz. So just sit back and enjoy yourself.

Tickets are available from the SRC office at R3,50 each or from Computicket for R4,50. □

DORRIEH ELAHI

Colleen talks paw-paw, Cox and Newman

IN Cape Town for lunch and not knowing where to go to? Try *Spill the Beans*, the latest addition to the vegetarian scene in the city, but at the same time very different from your prejudiced ideas about veg restaurants. Here you will definitely NOT miss your meat, and you can listen to the top musicians in the city.

Spill the Beans, in Shortmarket Street, overlooks the flea-marketed heart of the city, Green Market Square. It is the biggest vegetarian restaurant in the southern hemisphere and on the continent, and not only for those who confess (in the words of famous librettist, Sir William Gilbert) to a "sentimental passion of a vegetable fashion". Here you can sample Kerry, the cook's, ever-

changing buffet spread of freshly baked breads, scrumptious pies and selection of daily dishes based on the whims of Mother Nature. One of the highlights on her menu is the Bergie's Banquet which consists of the soup of the day, health bread, chunks of yellow cheese and green salad, all for R3,95.

Colleen Brennon manages

Spill the Beans in a devoted

vegetarian fashion. She says

that vegetarianism is essentially a thing of the future, but it is already beginning right now. She argues that the only way in which the problems caused by twentieth century progress can be resolved, is by going back to Nature.

Paula Goldstone, that wonderful folk artist who invariably reminds one of Joni Mitchell, provides the background music during the lunch hour. Paula will be remembered for her performances in Stellenbosch last year. On the 5th of September, when *Spill the Beans* celebrates its birthday, Tony Cox and Steve Newman, the very well-known guitar duo, start off at *Spill the Beans*. They will appear every Wednesday night. Cox and Newman need no introduction — they are famous all over South Africa. Everybody is welcome to attend. Bring your own wine along.

Go there, sample the vegetar-

ian delights, and listen to the exciting music *Spill the Beans* offers. You will not be disappointed. □

LOMIN SAAYMAN



Colleen Brennon, manageress of *Spill the Beans*, points to where the healthy life begins.

Nuwe kabaret in 3-D

IS jy verslaaf aan die 16-persekond beeldel wat jou miskien een, selfs twee keer per week toelaat om heeltemal weg te kom van 'n traumatische studentelewe? Maak dan seker dat jy na 3-D, 'n nuwe Afrikaanse kabaret deur Anthony Constandius, gaan kyk.

3-D word vanaf 12 tot 19 September in die Libertas Teaterklub op die Markplein (langs Westelike Provinsie Kelders), opgevoerd. Die tradisionele konsep van kabaret is effens gewysig om by sy onderwerp, die rolprentwêreld, aan te pas. Die gehoor word deur 'n siniese deurwag deur al die fasette van 'n kunsmatige wêreld begelei en daaraan blootgestel.

Rolprentster, kyker en selfs regisseur, word vanuit verskillende hoekke op 'n kritiese, maar mellewende wyse beskou. Dit plaas ook 'n skerp, satiriiese soeklig op die uitbeelding van liefde, geweld en dekadensie.

3-D het reeds verlede jaar by 'n Karnaval-konsert, en vanjaar as 'n regieprojek by UK se Dramaskool, groot sukses behaal. Daar is alreeds belangstelling getoon om dié kabaret in Kaapstad aan te bied, en die SAUK het mnr. Constandius gevader om sekere van die liedjes as deel van 'n kabaret te bring. □

Die kaartjies vir 3-D kos R2,00 en sal vanaf 19h00 by die deure van die Libertas Teaterklub beskikbaar wees.

Die gehoor is welkom om eie wyn en glase na die teater te bring. □

Dis 'n kunstige huis dié

VIR diegene wat al gewonder het oor die groot wit huis skuins oorkant Studio 7, hier is nuus: daar woon wél mense. Die huis behoort aan mnr. en mev. W.F. Smith. Dit was hulle idee om die nuwe Dorpstraat Galery te stig.

Mev. Smith is self 'n kunstenaar — sy beoefen pottabakkery op die perseel en beoog om haar eie werk deurlopend te vertoon, behalwe wanneer daar tentoonstellings deur ander kunstenaars is. Mev. Smith het verlede jaar haar werk by Edrich tentoongestel. Op die oomblik word haar werk by die Yellow Door-galery in Kaapstad tentoongestel.

Sy het gevool dat daar 'n

behoefte aan 'n kommersiële galerie in Stellenbosch is. Mev. Smith wil jong kunstenaars die kans bied om hul eie benadering aan die publiek te toon. Sy beoog omveral die werk van keramiek-kunstenaars ten toon te stel.

Die galerie maak deel uit van die huis self. Dis 'n groot kamer propvol lig, met die warmte van 'n geelhoutvloer wat sorg daarvoor dat die besoeker vergeet dat kuns-tentoonstellings soms koud en onpersoonlik kan wees.

Tans word werke van Marius Lourens daar tentoongestel.

Maar gaan stoot gerus self die onderdeur van die galerie in Dorpstraat oop — dis 'n wonderlike ervaring van vorm en kleur. □



Die groot, wit huis te Dorpstraat 176 is gevul met kleur en atmosfeer.

Reinhold Holstein

Van Hitlerjugend tot konsertpianis

REINHOLD HOLSTEIN was al 'n trompetblaser vir die Hitlerjugend Fanfare-klub, 'n top Duitse konsertpianis, animasie-filmmaker en musiekonderwyser op Upington. Hy tree aan die einde van die jaar af, na 20 jaar as musiekdosent by die Konservatorium.

SH: Hoe het dit gekom dat u by die Hitlerjugend aangesluit het?

RH: Dit was eintlik om musiekredes. Ek het as kind vir weke agter die Fanfare-klub, wat by optogte die marse gespeel het, aangeloop en gepleit om op 'n trumpet te blaas. Tot die dag dat 'n offisier my laat speel het en toe blaas ek al die Duitse marse vir hulle!

SH: Is u opgeroep om te veg in die Tweede Wêreldoorlog?

RH: Ja, in 1943. Ek was maar 17, maar in ons jaargang (1924) is almal opgeroep.

SH: Hoekom het u by so'n gevaaarlike korps soos die Valskermbataljon aangesluit?

RH: Op skool het ek net in musiek belang gestel, en het dus nie soos my klasmata uitgeblink in sport nie. Om my manlikheid aan my vriende en die meisies van ons dorp te bewys, het ek dus een van die gevaaarlikste rigtings gekies. Dit het waarskynlik my lewe gered want die helfte van my klasmata wat in die Infanterie was, het in die oorlog gesterf.

SH: Wat het geword van u musiekloopbaan tydens die oorlog?

RH: Ek is die eerste jaar dwarsoor Europa rondgestuur en het geen tyd vir

musiek gehad nie. Toe is ek deur die Amerikaners gevange geneem en ek kon saans na werk 'n bietjie oefen. Daar was heelwaa ander kunstenaars en be-roepsmusici, by wie ek baie geleer het.

SH: Na die oorlog het u uitgeblink as konsertpianis...

RH: Wel — ek het 'n paar keer deelgeneem aan internationale kompetisies in Geneva, en is in 1950 aangevys as die beste Duitse deelnemer. Nadat ek my in Suid-Afrika gevestig het, het ek tussen 1961 en 1964 gerekende radio-uitvoeringsgelewer.

SH: Hoe het dit gekom dat u na Suid-Afrika, spesifiek na Upington, gekom het?

RH: Dis 'n lang storie. Die skool op Upington het 'n pos geadverteer by die Akademie waar ek studeer het in Duitsland, en ek het die pos gekry.

SH: Waarom het u oorgelaan na musiekonderrig?

RH: Ek moes realisties wees. As konsertpianis kan 'n mens nie 'n bestaan maak nie. En ek het besef dat ek nie die senuwees van staal het wat 'n konsertpianis moet hê nie.

SH: By al u ander bedrywig-

hede het u die tyd gevind om u liefde vir fotografie uit te leef?

RH: Ja — dié stokperdjie het al in Duitsland begin en ek het daarmee voortgegaan in Upington. My eerste film met kleipoppe...

SH: Het u die poppe self gemaak?

RH: Ja. My moeder was 'n skilder en my broer het beeldhouwerk studeer. Die kuns is dus meer in ons familie.

SH: Gebruik u dus u eie poppe om animasie-films mee te maak?

RH: Dis reg. Dit is natuurlik baie tydwend, omdat die tydsduur van elke "beweging" eers gemeet moet word voordat dit afgeneem word in die verskillende fases.

SH: Watter films het u al gemaak?

RH: Die Visserman en Sy Vrou, van Anderson, Die Blisoldaatjie en Die Keiser se Nuwe Klere. Hul lengtes wissel van 20 minute tot 45 minute.

SH: Waaruit bestaan die klankbane van die films?

RH: Daar is geen dialoog nie, omdat dit te veel sinkronisasieprobleme veroor-

saak. Ek het self die musiek vir die films gekomponer, en dit op 'n aparte band gesit, sogenaamde "wilde sinkronisasie".

SH: Waar is die films al vertoon?

RH: In Upington, en die hele dorp het natuurlik kom kyk. En dan ook in Kaapstad by die Filmvereniging...

SH: Nog nooit in Stellenbosch nie?

RH: Nee, ek wil myself nie afdwing nie. Ek het dit al 'n paar keer aangebied, byvoorbeeld aan die Kunsdepartement, maar nog geen reaksie gekry nie.

SH: Gaan u nog films maak?

RH: O ja! Ek het onlangs nog twee voltooi, wat eintlik analises is van myself as onderwyser en die kontakprobleem binne die onder-

rigsituasie.

SH: En nu u aartede?

RH: Ek wil aartree terwyl ek nog gesond genoeg is om weer verdiep te raak in my musiek. As 'n mens klas gee is jy saans net te moeg om genoeg klavier te oefen om die standaard van jou eie spel te hou waar dit was...

STEFANIE HEFER

Burglars wen Dramafees

DIE Ou Conserve het weer eens geleef tydens die USAT-dramafees, wat vanaf 27 Augustus tot 31 Augustus 'n verrassende verskeidenheid opgelewer het, wisselende tussen volks- en middeleeuse teater, student-geskrewre stukke en pseudo-eksperimentele produksies.

Die 1984-dramafees is anders benader as in vorige jare. Waar alle stukke voorheen deur kenners volgens

professionele standarde beoordeel is, het die USAT-komitee vanjaar besluit om self die beoordeling waar te neem. Met hierdie stap het die komitee gepog om amateurs eerder te inspireer en kreatiwiteit aan te moedig, as om met afbrekende kritiek potensiële talent te smoer. Die paneel van beoordelaars het bestaan uit agt totaal uiteenlopende en deurlopenheid wat realisme betref.

Na noukeurige beoordeeling is daar in die vroeë oggendure besluit om *Burglars*, 'n stuk van David Rudken opgevoer deur Erica en Helshoogte, as beste algemene produksie aan te wys.

Die regisseur, Dorrie Elahi, het 'n aanvoeling vir interpretasie en oorspronklikheid getoon wat al die spelers geïnspireer het. Op 'n ongelooflike wyse het die akteurs 'n byna feëverhaalagtige atmosfeer geskep, maar terselfdertyd 'n gevoel van broeiende onheil en geheimsmiddige onderstrominge aan die gehoor oorgedra.

Op 'n gedissiplineerde en totaal beerdeerde wyse is van improvisasie gebruik gemaak. Die energie van die akteurs het die gehoor gedra en 'n tuig geword waarmee die akteurs die stuk in 'n paalde rigting gestuur het, met subtelte hoogtepunte, teen 'n tempo wat net reg haanteer is.

Burglars was 'n uiters stilulerende produksie wat puik afgerond is, en beslis 'n bydrae lewer tot die nuwe rigting waarin die teater vandag beweeg.

Casper de Vries het die toekenning ontvang vir beste student-geskrewre stuk met sy *Een koekoek in 'n hoenderne* wat deur Aristea en Pieke opgevoer is.

Sy besondere oog vir dialoog en sin vir humor het aanleiding gegee tot 'n energieke produksie vol beweging en treffende visuele effek. Entoesiasiese spelers het die gehoor so aandag gehou en vir puik vermaak gesorg.

Is it an ism or is it art?

A new song sounds through the Neelsie these days: "Is it an ism or is it art?" What makes the song so special is that it was written by a Stellenbosch Art lecturer, Niki Daly, Head of Graphics of the Art Faculty.

According to Mr Daly, his reasons for writing the song was purely lyrical. While reading a book "The essence of art" he was inspired by the pure lyricality of names like Kokoshka, Marinetti etc. The title of the song is simply an excuse to use these names in music. The title itself presumed a tongue-twister with which he makes fun of especially the feelings of people in an art gallery — not understanding, pretending to understand, fearing to appear Philistines.

Few people understand modern art. "It has become an elite activity," he says. He doesn't blame anybody for it — he sees it as a dilemma rather than a fault.

"My song is making fun of the whole thing — questioning great artists whether their work is an ism, or whether it is art, and admitting: I don't know my ism from my art." He added that it is a slight variation on the saying, "I don't know my elbow from my... (something else).

"Is it an ism, is it art" is a cut from his album, "Living in the suburbs". The album

has a variety of music: straightforward ballads, fragmented, atmospheric songs and themes both serious and non-serious. "It is an ism or is it art" is a non-serious song, Mr Daly says, and he adds that Tsion Avital's recent lecture gave it an importance it doesn't deserve.

It doesn't seem so.



Niki Daly, graphic designer, lecturer, illustrator, father and star.



Reinhold Holstein is internasionaal bekend vir sy besonderse virtuositeit in klavierspel.

Bruid in die Môre word opgevoer

DIE beroemde Nederlandse skrywer, Hugo Claus, se kontroversiële drama, *Een bruid in die Morgen*, (*Bruid in die Môre*), word vanaf 20 tot 22 September deur die senior studente van die Drama-departement in die HB Thom-teater opgevoer.

Hugo Claus het *Bruid in die Môre* (vertaal deur Jan Rabie) in 1955 geskryf, en dit het olslae in literêre kringe veroorsaak. 'n Verbod op die opvoering van die drama is in Nederland uitgereik, en dit is vir die eerste keer in Frankryk opgevoer. Die hoofrede vir hierdie verbod was die teenwoordigheid van die bloedskande-tema, wat reeds in Claus se *De Metters* voorgekom het.

Die drama handel oor die gesin Pattini se intense en sensitiewe familieverhoudinge. Die vader is 'n mislukte musikus, en sy karakter word gekontrasteer deur 'n baie sterke moederfiguur. Die moeder bedink 'n plan om die familie uit hul finansiële verknorsing te help. Sy beplan om haar effens vertraagde seun, Thomas, met sy niggie, Hilda, 'n skatryk, onaantreklike oujongnooi, te laat trou. Dit veroorsaak probleme in die sensitiewe liefdesverhouding wat daar tussen Thomas en sy suster, Andrea, bestaan.

Die regisseur van *Bruid in die Môre*, mnr. Noël Roos, het aan *Die Matie* gesê dat hy dié stuk gekies het omdat dit beskou kan word as Claus se beste drama. Dit is vandag nog steeds 'n baie relevante en menslike drama en vereis baie subtile toneelspel.

Z. DE BRUYN

L'ART L'ART L'ART

L'ART INTRODUCES:

LAURIE ANDERSON

"SUPERWOMAN" of the 1981 hit record-cum-video, *O Superman*.

"Say what you mean, and mean what you say." — Laurie Anderson.

Laurie Anderson has been performing since 1972. She weaves multi-media fragments, her own tunes, slide and film images, personal anecdotes, photographs and sculptures and customized violins into performances which cross-reference visual and linguistic puns with philosophical questions.

Anderson's presentation introduces another literary reference: her manner of recitation in a hesitant low voice, seems like a poetry reading — "I think of the work that I do as the most ancient in the world: storytelling."

Anderson, who was magna cum laude in art history at Barnard before earning her M.F.A. at Columbia, describes art, the making of art and the lives of artists in her songs.

Her pictorial quotations usually present difficulties as to the appropriate level of interpretation. This was strikingly illustrated by one section in which Anderson, playing her faithful violin, stood swaying between a projector and a white screen. Words (having to do with colour and light) were projected in white, presumably through a stencil, so that they could be read against her dark form. The messages were thus conveyed through contradiction: "White on white" and "You're blocking the light".

Duets on Ice was performed

ed by Anderson in the streets of New York and Genoa in 1974—75. In these performances she played her custom violin accompanied by recorded violin music that came from a speaker hidden in her violin. Anderson, 27 at that time, wore skates with their blades embedded in ice blocks. When the ice melted,



Laurie Anderson

the music stopped — the artist's version of a water clock.

In *Pillow* (1974—83) excerpts from Van Gogh's letters have been silkscreened on a pillow case and a tape recorder hidden inside the pillow — an active alternative, perhaps, to putting a precious letter under one's pillow at bedtime.

Anderson's attempt to expand her work's context seems more successful when it appeals to the individual rather than to an imagined general audience.

Laurie Anderson's music is immediately derived from rock-and-roll. It has a strong insistent beat and a volume that recalls the saying on the labels of Rolling Stone albums — "This record should be played loud".

Andria Lubbe

Spill the Beans
VEGIE BAKERY RESTAURANT & COFFEE SHOP
Shortmarket Street, Cape Town
TEL: 24-8684

CABARET ~ IN ~ GIGAR with
Mr Steve Newman &
Mr Tony Cox

TIME: 8:00pm
COVER CHARGE: R2.50
Coffee and cake included.
DATE: 5th September, 1984.

BRING A BOTTLE & JOIN IN OUR BIRTHDAY CELEBRATIONS.

Duets on Ice was performed

Bla Advertsing



Studente moet na menings kan luister

DIE optrede van 'n groep studente van die Universiteit van Kaapstad wat Hoofman Gatsha Buthelezi daarvan weerhou het om 'n toespraak op die kampus te hou, kan nie goedgekeur word nie.

Die studente, onder leiding van die SR-voorsitter, het geprotesteerd teen die optrede van Inkatha-lede verlede jaar by die Universiteit van Zoeloeland, toe gevegte tussen studente en lede van Inkatha uitgebreek het. Hoe sterk die voorval by Zoeloeland ook al veroordeel mag word, bied dit geen verskoning aan die betrokke studente by Kaapstad om enigiemand daarvan te weerhou om sy standpunt te stel nie.

Hierdie studente beroep hulle gereeld op akademiese vryheid en vryheid van spraak. Só hoort dit ook: 'n universiteit behoort 'n forum te wees vir oop gesprek, waar studente krities kan luister na 'n verskeidenheid standpunte en hul eie oordale kan maak. Hierdie vryheid geld nie net vir diegene met wie jy saamstem nie — huis deur vir mense met verskillende sienswyses kans te gee om hul saak te stel, word studente die kans gegee om onbevange hul eie, onafhanklike afleidings te maak.

Die Universiteit van Stellenbosch het self geen trotse verlede in hierdie verband nie: hier is sprekers met sekere politieke oortuigings ook al daarvan weerhou om voor studente op te tree, *albeit* deur die overhede en nie studente nie.

'n Universiteit is huis die een inrigting waar mense die kans moet kry om krities te oordeel en hul eie besluite te neem. Daarvoor is oop gesprek en ware vryheid van spraak 'n voorvereiste.

Geluk aan nuwe SR

DIE MATIE wens die nuwe SR geluk met hul verkiezing. Dit is belangrik dat u die ideale wat in beleidsverklarings gestel is, nie uit die oog verloor nie; hierdie posisie moet steeds gaan om studenteverwoording en nie eie prestige nie. Sterk, daadwerklike leiding moet egter nie agterweë bly nie.

Daar moet uit eie geledere krities na die huidige stelsel gekyk word — 'n SR-lid het trouens reeds op die sirkus aangedui dat sekere veranderings moontlik aangebring kan word t.o.v. die verkiezing van SR-lede.

U moet ook poog om debat op die kampus te stimuleer en lewendig te hou ten einde studente-apatie te beveg. Soos hierbo gestel, moet oop gesprek steeds 'n prioriteit op die kampus wees. Om dit te verseker, moet mense mekaar se standpunte respekteer.



Hy sê die Lente vul hom met 'n onweerstaanbare drang om saam met my Jonkershoek toe te ry, en of ek nie ook so voel nie.

S' bosch moetstry teen rassisme en seksisme

Wanopvatting en onkunde oor feminism lei daartoe dat dié onderwerp op Stellenbosch as of taboe of as 'n grap beskou word. Op 'n onlangse konferensie van die Damesbelange-komitee het 'n manstudent uit die gehoor die volgende opmerking gemaak: "Stellenbosch se vrouens moet nie meteens blootgestel word aan feminism nie. Dit sal hulle gevaaerlik maak vir die samelewning." *Die Matie* het met me. Elrena van der Spuy, dosent in Sosiologie aan die US, gesels oor wanopvattinge oor feminism en die rol wat feminism op die Stellenbosse kampus speel.

Wat is die verbintenis tussen feminism en lesbiasisme?

Die stereotipiese beeld van feminis-lesbiërs is 'n verwringing van die werkelikhed waaraan die nuus-media veral aandagig is. Dit is gewoon *onwaar* dat die meerderheid van feministe heteroseksuele verhoudinge teëstaan. Alhoewel die daarstel van lesbiasisme as alternatief vir heteroseksuele verkeer nie los te maak is van die hele tendens tot die "politisering van seksualiteit" binne feminism nie, is dit slegs die mees ekstreeme faksies binne feminism wat lesbiasisme propageer. Insigself kan dit kwalik as 'n oplossing vir die probleem van ongelijkheid tussen die geslagte voorgehou word.

Is feministe 'n klomp seklose mannehaters?

Nee, uiteraard nie — tensy alle vroue wat 'n kritiese ingesteldheid openbaar, per definisie die perse van sogenaamde 'welvoeglikheid' oortree en dus as mannehaters ge-eketeknieer moet word.

Watter betekenis sou jy gee aan die woord feminism?

Feminisme as beweging omsluit alle vorme van opposisie teen die diskriminasie van vroue en die verskeie dimensies waarin manlike dominansie sigself manifesteer. So gedefinieer is femisme nijs nuut nie. Vroue rebelleer al lank

al. Meer onlangs het die Britse Suffragettes die vroue-stemreg deur middel van aktiewe politieke aksie gewen, maar deurlopend is die feministiese eis baie eenvoudig, nl. gelijkheid. Oor die afgelope twintig jaar het hierdie gelijkheid 'n meer realistiese moontlikheid geword as gevolg van tegniese ontwikkeling rakende geboortebeperking asook verwikkellinge op die arbeidsmark.

Do you really think that feminists can make any impression on a campus like Stellenbosch given not only the male reaction but also the general acceptance of women of their "role" as

ings of uncertainty and fear as to what a restructuring of sexual relationships will amount to — that is to say in what way women and men stand to gain.

Do you really think that feminists can make any impression on a campus like Stellenbosch given not only the male reaction but also the general acceptance of women of their "role" as

sion that feminists can make is dependent upon the extent to which the political consciousness of students can be stretched.

Vanuit 'n feministiese oogpunt: Wat is die rol en funksie van dameskoshuise op Stellenbosch?

Dameskoshuise speel 'n belangrike rol in sover dit die vrou onderrig in die reëls van die spel waaraan sy as ondergeskikte, as vrou, deelneem. Dit is veral binne die gange van dameskoshuise wat die aard en omvang van differensiële en diskriminerende behandeling waaraan vroue as vroue onderwerp word, toegelig word. Die regverdiging vir sodanige behandeling is voor-die-hand-liggend: as brose, fragiele, afhanglike en emosionele wesens moet vroue "bekerm" word teen hulself, teen die ongenaakbare aanslae van die lewe, teen die seksuele geslepenheid van manstudeinte. Rondom dié beeld van vroue ontwikkel daar burokratiese mechanisme wat die inkombinsie van vrouestudente daagliks en tot op die laaste minuut reguleer. So oorweldigend is die impak van hierdie strukture dat vroue die beeld van broosheid internaliseer en met oënskynlike gelatenheid hulself onderwerp aan die reëls en regulasies van toepassing op vrou-wees.

Vervolg op bl. 14

Matie-Gesprek

Lou-Marié Kruger
gesels met
Elrena van der Spuy

future wives and mothers?

Let me answer it in this way: Although feminists focus on one particular aspect of inequality and domination in our society — namely the sexual dimension of inequality — their struggle for a humane and democratic society is obviously connected to the struggle against other forms of inequality such as racial inequality. In so far as Stellenbosch students are prepared to partake in this search for a society in which equality is a guiding principle, they will be forced to join the struggle against racism and sexism. In other words, the impres-



Foto's geneem deur Bun Booyens.

Matie-redaksie

HOOFREDAKTEUR: ANTON STEENKAMP, Eendrag (Tel. 72610)
REDAKSIEKANTOOR: Langenhoven-studentesentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332 en 5979)
SEKRETARESSE: SONIA LOUW, Nerina (Tel. 2018)
BOODSKAPPE: Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: RIAAN SMIT, Addelaarstraat 3 (Tel. 4403)
ADVERTENSIEBESTUURDER: JANNIE NEL, Eendrag (Tel. 72610)
HOOFNUUSREDAKTEUR: ERIC LE GRANGE, Huisse Marais (Tel. 2287)
AKTUELE REDAKTEUR: LOU-MARIE KRUGER, Pieke-woonstel nr. 5 (Tel. 9882)
NUUSREDAKTEUR: MARISA HONEY, Brandwachtstraat 91 (Tel. 4541)
SPORTREDAKTEUR: ANDRÉ DUVENHAGE, Eendrag (Tel. 72610)
KUNSREDAKTEUR: ANSO VAN ZYL, Jan Cillierstraat 6 (Tel. 9772)
SOSIALE REDAKTEUR: CARINA KOEN, Skulhoek (Tel. 73721)
INTER-UNIVERSITÉRE REDAKTEUR: OCKIE DUPPER, Liebenhof 18
TAALREDAKTEUR: Vakan
ASSISTENT-TAALREDAKTEUR: Louis van Wyk, Eendrag (Tel. 72610)
HOOFFOTOGRAAF: MICHAEL VENTER, Dagbreek (Tel. 71002)
SPOTPONENTEKENAARS: ADRIAN LOUW, Majuba (Tel. 2010); EZRA STEENKAMP, Simonsberg (Tel. 2035)
SUB-REDAKTEURS, NUUS: Jeanne Cilliers en Charl du Plessis
NUUSVERSLAGGEWERS: A. du Toit, M. du Toit, E. Wessels, C. Barnard, C. Buccimazza, H. Gerber, S. Malherbe, L. Kruger
SUB-REDAKTEUR, SPÓRT: David van der Westhuizen
SPORTVERSLAGGEWERS: Q. Basson, R. van Coller, C. Hunsinger, H. Bester
SUB-REDAKTEURS, KUNS: Lomin Saayman en Suzette Truter
KUNSVERSLAGGEWERS: S. Brits, D. Elahi, S. Pauw, M. Visser, C. Bellinger, A. Lubbe, L. Poorter, R. du Preez
SUB-REDAKTEURS, SOSIAAL: Cobus Smit en Elmien Lesch
SOSIALE VERSLAGGEWERS: R. Swanepoel, F. Brand, C. Ludski, M. von Broembsen, E. Hamman, N. Louw, G. Rust, S. Delport, S. Croeser
SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÉR: Craig Cleaver
INTER-UNIVERSITÉRE VERSLAGGEWERS: S. Herholdt, S. Mathews, J. Grobler, M. Truter, J. Pretorius, F. Beukman



Wedersydse begrip is nodig tussen studente en die owerhede om botsings soos hierdie in die toekoms te vermy.

RISIKOBESTUUR

Studente moet nouer skakel met owerhede

Hannelie Gerber, 'n B.Com. (Regte) II student, het hierdie berig geskryf.

"EK sien myself in diens van die student met die student as my kliënt." Só sê kol. Ivan Bester, hoof van Risikobestuur.

Mnr. Andries Esterhuysen, Adjunk-Direkteur van Ontwikkeling, stem saam dat hy nie hier sou gewees het as die studente nie hier was nie. Indien dit die algemene houding vanaf owerheidskant teenoor die student is, kom dit nie duidelik na vore nie. Maar wat is die student se houding teenoor die owerhede? Hulle glo dat die owerhede argies is en outokraties optree en dat die studente se klagtes verdwaal in Administrasie se gange.

Kommunikasie

Waavandaan die apatiese houding? Die eerste en maklikste rede wat aangevoer kan word is dat hierdie vyandighed voortspruit uit 'n gebrek aan kommunikasie aan beide kante — 'n kommunikasiegaping. Prof. Roux de Villiers, Vise-Rektor, sien dit nie so nie. Hy beskou dit eerder as verstopte kanale, aangesien 'n kommunikasiegaping volgens hom beteken dat daar nie die nodige kanale bestaan vir kommunikasie nie, terwyl dit nie die geval is nie. Mnr. De Bruyn, nuwe hoof van Kampusbeheer, definieer die probleem as 'n kommunikasiegaping voortspruitende uit 'n gebrek aan kennis van beide kante. Die owerhede ken nie die student se behoeftes nie en die student verkeer in onkunde oor wat die owerhede doen. Volgens mnr. De Bruyn glo studente byvoorbeeld dat Kampusbeheer net daar is om verkeerskaartjies aan studente te gee, terwyl verkeer maar 'n afdeling van Kampusbeheer is. Die hoofdoel van Kampusbeheer is om 'n diens aan studente te lewer.

Kol. Ivan Bester sien 'n groot deel van die probleem voortspruit uit die student se "anti-establishment feeling". Volgens hom hoeft hierdie gevoel nie noodwendig negatief te wees nie, indien dit positief aangewend word ter verbetering van die situasie.

Mnr. Andries Esterhuysen beskou die probleem ook nie as 'n kommunikasiegaping nie aangesien daar volgens hom genoeg kanale bestaan waardoor kommunikasie kan geskied. Hierdie kanale kan egter slegs effektief gebruik word indien almal daarvan bewus is en dit gebruik. Hier sien hy egter die probleem dat die student nie bewus is van al die bestaande kanale wat gebruik kan word nie en



Mnr. Andries Esterhuysen.

sien en te gebruik. Moet ons dalk die probleem gaan soek by skakeling? Hoe weet die student van Administrasie en sy aktiwiteite en omgekeerd hoe weet Administrasie van die studente se probleme, klagtes en voorstelle?

In die eerste instansie het die student, volgens die Vise-Rektor, 'n direkte kanal tot in die Vise-Rektor se kantoor. Die Vise-Rektor volg 'n "oop deur-beleid". Enige student met 'n goed deurdagte klagte of voorstel kan enige tyd 'n afspraak met die Vise-Rektor maak en hy is altyd gewillig om met 'n oop gemoed te luister.

Intern

Prof. De Villiers ontken nie dat Administrasie wel interne probleme het nie, maar die stelsel werk wel so dat die student enige tyd sy probleem kan kom stel. Al wat hy van die student verwag, is dat die student met 'n oop en positiewe gemoed sy probleem moet kom stel. Hy beklemtoon dat die weerwel daar is. Die student moet

CONTROVERSIAL ACTS

Church and society have mixed feelings

Costi Buccimazza

THE results of the investigation into the possible scrapping of the Prohibition of the Mixed Marriages Act and the sex across the colour bar clause of the Immorality Act should be made public shortly.

The possible scrapping of the Acts is a sensitive issue. At the present stage there is

strong support for the removal of the two acts. Only right wing bodies such as the Kappiekommando and the Hervormde Kerk are in favour of the retention of the acts. There are differing opinions from within the Nederduits Gereformeerde Kerk.

Foreigner

A survey conducted by the Human Sciences Research Council showed that the majority of English speaking South Africans rejected the laws. Twice as many Afrikaans speaking as English speaking South Africans asked for retention of the two laws. Only 25% of Indians and Coloured supported retention of the laws.

The Prohibition of Mixed Marriages Act states that a white person may not legally marry a black person in this country. The marriage of a white South African citizen to a black foreigner will also not be recognized by the government. The sex across the colour bar clause of the Immorality Act states that a white person may not have sexual intercourse with a black person.

The two laws are relatively new to South African history. The Immorality and Mixed Marriages Acts were instituted only about 300 years after the settlement of the Cape Colony. During that time it was quite accept-



Prof. Roux de Villiers

ring bespreek word wel by die owerhede uitkom het geen twyfel nie, aangesien die Vise-Rektor 'n notule van elke vergadering kry.

Lê die fout dalk by die apatiese studente-unie wat weier om die bestaande SP en SR-kanaal te gebruik en hoegenaamd te erken? Onbekwame mense word ver-

SP/SR

Dit bring 'n mens by die Studenteparlement (SP) en Studenteraad (SR). Hierdie kanaal waardeur die studente behoort te werk is 'n direkte kanaal tot in die Rektorskantoor.

Indien die probleme van die student nie by die Rektor uitkom nie, is dit dus nie die Rektor se skuld nie. Moet die fout nie dan by SP en SR-skakeling gesoek word nie?

Hoe gebruik die studente die SP en SR? Wat is die studente se kennis van hierdie leiers in ons gemeenskap wat veronderstel is om die studente-unie se menings oor te dra? Wat is die terugvoering wat ons van hulle af terugkry? Is dit werklik so dat sommige van die "baadjie-en-das-brigade" soos mnr. Gerrit de Vos (oud SP-lid van Oude Molen) dit eksplisiet gestel het, werklik net op "ego trips" is of werk hulle daagliks twee tot drie uur daarvan om die studente te verteenwoordig? Of vervul hulle dalk hul politieke funksies met groter ywer as hulle nie-politieke funksie?

Dat dit wat op SP-vergade-

kies omdat daar te min kandidate beskikbaar is. Hulle wat werklik bekwaam is weier om deel te word van 'n stelsel wat skynbaar nie werk nie. Die stelsel werk dus nie oor die apatiese van die studente-unie wat botweg weier om reeds bestaande kanaal te gebruik.

Verplig

Die grootste gros van die studente is onbewus dat hulle hul SP-verteenwoordiger kan verplig om hulle mening uit te dra. Kiesers stel nie belang nie en woon vergadering in onbevredigende getalle by. Dus moet die studente aanvaar as hulle "sammewerking" op só 'n wyse aanhou, hulle probleme nooit

(vervolg op bl. 17)

Nuwe tydskrif dek wye denkspektrum

'n NUWE Afrikaanse "selfstandige meningsblad" verskyn binnekort. Die *Suid-Afrikaan*, 'n kwartaalblad met 'n eerste oplaag van 10 000 kopieë, poog om 'n koppelvlak tussen akademici en 'n "wye spektrum van denkende Suid-Afrikaners" te vorm.

Volgens 'n redaksielid van die tydskrif, prof. André du Toit, sal dié blad in die lankgevoel behoeft aan 'n Afrikaanse meningsforum met 'n fokus op die politieke, sosiale en ekonomiese fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing voorsien.

Die redaksie van die eerste uitgawe is dr. Hermann Gillomee, prof. André P. Brink, prof. Jakes Gerwel en prof. Du Toit. Onder die lede van die redaksionele adviesraad tel prof. Richard van der Ross (voorsitter), prof. Tjaart van der Walt (onder-voorsitter), prof. Johan Degenar, me. Rykie van Reenen en mnr. Laurens van der Post.

Volgens prof. Du Toit het die blad 'n tweeledige taak: om 'n wye spektrum van deurdagte menings te peil en om tershelfdertyd self onomwonde standpunt in te neem.

the idea of racial laws started early this century when the Afrikaner community, with the rise in nationalism, had to elevate itself to protect itself. This led to the exclusion of South Africans who were not white from decision-making processes.

Refusal by the Orange Free State and the South African Republic to allow political participation to coloureds was only one of the methods employed to

from the decision-making process is a reflection of a poor democracy. The removal of the Acts should be regarded as just another nail in the coffin of Apartheid and should be welcomed.

Human Rights

All English churches favour the removal of the two laws. The Most Reverend Mr P. Russel, Anglican Archbishop of Cape Town, calls for the removal of the Acts

. . . there is no warrant in the Bible for depriving anyone of marriage on grounds of race.

protect the Afrikaners. The Church was another mechanism used to gain superiority. It supported the removal of coloureds, but the Nederduits Gereformeerde Kerk later realized that these laws had no biblical support.

Image

In recent years the validity of the denial of political and social participation by coloured people has been challenged. According to Mr Myburgh this is part of the process of political maturity that is developing in South Africa. He sees it as a movement to a situation in which South Africans realize the value that they place on themselves so as to remain competitive

. . . there is no such thing as a pure white race in South Africa and white South Africans have an average of seven percent coloured blood.

able to intermarry as long as both parties accepted the Christian religion.

As the population grew,

the need to intermarry lessened, but it was still not regarded socially as evil to marry a person of another colour. The fact that there was interracial marriage in South Africa is not unusual. It happened in all other colonized countries.

Research at the University of Cape Town has proved that there is no such thing as a pure white race in South Africa and that white South Africans have an average of seven percent coloured blood.

Mr Philip Myburgh, Progressive Federal Party Defence spokesman, says that

Mistake

A fair percentage of the theology students at Stellenbosch are against the laws and one student interviewed stated that the laws cannot be justified by the NG Kerk and that the Church made a mistake by supporting them. He went on to say that the laws go against Christianity and that any social problems caused by the removal can

(continued on p. 17)

'Skollies' maak moles by T'berg se kafeteria

WERKERS het die kafeteria op die Tygerbergkampus twee Vrydae gelede in chaos aangetref nadat daar die vorige dag ingebreek is.

Volgens mnr. Kroff van Kampusbeheer lyk dit asof iemand met 'n wrok teen iets dit op die kafeteria uitgehaal het. Stoel is rondgegooi en 'n tafel met 'n koffiemaskien daarop is omgekeer en erg beskadig.

Polisie

Mnr. Reineke van Kampusbeheer meen dat die kwaaddoeners deur die hospitaal gekom het. Hy het bygevoeg dat dit baie moeilik is vir net vyf mense om die hele kompleks snags te beveilig.

Herstelwerk

Die inbrekers het vier deure oopgebreek om tot in die kantoor te kom, waaruit hulle 'n koffieketel, 'n elektriese vleismes en 'n sakrekenaar gesteel het. Geen geld is weg nie, maar herstelwerk sal heelwat kos.

Baie voorrade, onder meer 'n klomp drank, het in die slag gebly en 'n paar leë wynbottels is agtergelaat.

Die kafeteria was teen middagte weer oop nadat die ergste gemors opgeruim is.

perspektiewe en dinge

riaan smit

UIT 'n onlangse verslag van 'n parlementêre verkose komitee oor die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en artikel 16 van die Ontugwet blyk dit duidelik dat hierdie "gewraakte" simbole van Apartheid nie langer moreel of polities (ook deur Nasionaal-gesindes) geregtig kan word nie.

Sosio-politiese hervorming is 'n feit soos 'n eikeboom, of 'n mens saamstem met die manier waarop dit plaasvind of nie.

Indien die wet en artikel afgeskaf word kan dit verrekende implikasies hê. Antwoorde op vrae soos waar egpare wat 'n sogenaamde gemengde huwelik gesluit het mag woon, waar hul kinders mag skoolgaan en uiteindelik ook na watter universiteit hul kinders mag gaan, sal gevind moet word.

'n Verandering aan genoemde wet en artikel kan dus gevolg vir die tradisioneel behoudende Afrikaanse universiteitêre hê.

Die onstellende feit is dat alhoewel daar moontlik 'n retoriiese bereidwilligheid op Afrikaanse kampusse be-

staan (niemand wil tog agterbly nie) dit nie gepraatgaan met 'n hervervormingsgesindheid nie.

Vergelyk die volgende gebeure:

Studente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys besluit met 'n oorweldigende meerderheid teen die toelating van nie-blanke voorgraadse studente. Die Universiteitsraad besluit, in weervil van die studenteunie se besluit, om nie-blanke voorgraadse studente wel toe te laat.

Dieselfde gebeur by Kovsies: Studente sê nie vir nie-blanke voorgraadse studente en hul universiteitsraad sê ja. Groot teenstand oor toelating word ook op RAU en Tukkies ondervind.

Stellenbosch is twee jaar gelede 20% "oop" gestem, maar onlangs blyk daar 'n sterk gevoel op die kampus teen bruin studente te wees. Ek verwys na die uitslag van die "koshuis oop"-meningsopname.

Hoekom hierdie oënskynlike onwilligheid om daadwerklike hervorming te aanvaar? In 'n onlangse uitga-

we van *Die Matie* (9/8/84) skryf me. Anami Oosthuysen, 'n SR-lid: "Die meerderheid Stellenbosse studente is onbewus van die omvang van politieke verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Daar is agterdag oor politieke aspirasies en denkstroming wat deur die Afrikaanse media aangekeur word. Studentegroepe of enkelinge wat medestudente wil inlig oor politieke verwikkeling (soos die UDF en die belang van die 1976-onluste) of sosio-economiese probleme (soos armoede en die behuisingstekort), word deur die leierskorps gewantrou en uitgewerker."

Sy kon die situasie op Stellenbosch (dieselde situasie heers op ander Afrikaanse universiteite) kwalik better oopsom. Dit is 'n ongesonde situasie waarvan ontslae geraak moet word.

'n Beginpunt op Stellenbosch is om van twee mites ontslae te raak. Die een is dat Stellenbosch vooruit loop en die res van Suid-Afrika volg. Dit is gewoon absurd; die breë samelewing se behoeftes bepaal wat op

Stellenbosch gedink en gesê word. Nie anders om nie. Hieruit volg dat die Universiteit sy studente só moet skool dat hulle in voeling bly met die samelewing. Ten einde dit te bereik moet studente die geleentheid hê om alle moontlike standpunte — veral sosio-politiese standpunte — aan te hoor. Indien die Universiteit van Stellenbosch poog om sy studente onkrities regeringsgeoriënteerd te sosialiseer, bewys dit die Nasionale Party 'n guns, maar doen Suid-Afrika oneer aan.

Die indruk word te dikwels geskep dat dit juis is wat die universiteitsowerheid en studenteleiers doen.

Die ander mite is die sogenaamde "oop gesprek" wat kwansuis op Stellenbosch kan plaasvind omdat die studentekorps "onverbondne" is. Dit is onmoontlik so lank as wat groepes of persone verknog bly aan 'n bepaalde sosio-politiese dogma. "Onverbondne" impliseer juis 'n posisie waarin gepraat en geluister kan word. Laasgenoemde vind nie genoegsaam op Stellenbosch plaas nie. Dit is meeste van die tyd net genoeg om te toon dat 'n standpunt "links" of "regs" is sonder om die substansie van 'n standpunt te absorbeer om 'n ewewigte mening te vorm.

Om 'n klip in die Bos te gooie: Die UDF is die afgelope tyd skriend in die Afrikaanse media gediskrediteer (deur net eenvoudig te aanvaar dat dit 'n rewolusionêre organisasie is). Sal die nuutverkose SR dit waag om net 'n UDF-spreker alleen na die kampus te nooi om spesifiek die UDF se standpunt teen die nuwe grondwet te stel? Sal die Rektor dit toelaat indien die SR dit wel doen?

Dit is moeilik om te glo dat so iets wel sal plaasvind. Die Rektor sal waarskynlik aandring op 'n "gebalansseerde" paneel.

Die hoop beskaam nooit.

* * *

Die gewel bokant die Poort in die Kasteel in Kaapstad is in die week deur weerlig stukkend geslaan. Terselfdertyd is daar landswyse onrus wat herinner aan Soweto '76. Is dit nou 'n geval van "n kraak in die fasade"?

MANNA



I'm naked to the bone
With nakedness my shield.
Myself is what I wear
I keep the spirit spare.

— Theodore Roethke

SR sluit hul jaar af

OP die SR-sirkus van Maandag 3 September het Mn. Jones 'n samevatting van sy voorsittersverslag gelewer. Volgens hierdie verslag het die SR tot 'n groot mate daarin geslaag om sy doelstellings te verwesenlik. Hierdie het ingesluit die optimalisering van kontak tussen die SR en SU, die verbetering van samewerking tussen die SR en *Die Matie*, en van kommunikasie tussen die SU en die Universiteitsowerhede. Verder moes die SR ook Inter-universitaire skakeling verbeter.

Volgens mn. Jones kon elkeen van die portefeuilles dan ook gelukgewens word met 'n suksesvolle en produktiewe jaar.

Mnr. Jones het ongelukkig nie baie aandag gegee aan sommige daadwerklike probleme wat die SR hierdie jaar ondervind het nie.

Hierdie jaar was oor die algemeen 'n suksesvolle een vir die SR. Maar alhoewel mn. Jones tog genoem het dat daar gewer moes word aan skakeling met die media, die Universiteitsowerhede, *Die Matie*, en ander studenterade, is die probleme met die SR-SP-stelsel se legitimiteit en werking, die *Matie*-debakel vroeg vanjaar en die aangestelde SAAK-ver-

ky.

Bedankings, SR-agenda's vol handtekeninge en grapies was aan die orde van die dag. Me. Karin Strydom (SR-lid, Damesbelange) het SR-lede vertel van 'n Vroue-verenigingsvergadering oor Proefbusbabas, en Johan Schoonraad (SR-lid, Leierskapontwikkeling) was heelwig ontsteld toe sy sê dat "die patoloog wat die bevragting gedoen het ook daar sal wees".

Mnr. Schoonraad wou ook weet of haar latere verwysing na die Kweekskool enige spesifieke relevansie tot die onderwerp gehad het.

Een van die moontlike hoogtepunte van die aand het nooit aangebreek nie. Die verslag van die kommissie van ondersoek wat na die probleem met *Die Matie* vroeg vanjaar aangestel is om ondersoek te doen na "verskillende reglemente en praktiese aspekte van *Die Matie*" (sic) was toe nooit bespreek nie. Sekere SR-lede het gesê dat hulle nie tyd gehad het om die verslag goed genoeg te bestudeer nie.

Die besprekking sal dus moet oorstaan tot die volgende vergadering van die nuwe SR.

Uit die SR en SP

ke SR-lid geweet het waar elke sent heen gegaan het. 'n Hele reeks reglemente veranderings, jaarverslae en aanstellings is goedgekeur. R270 is bewillig aan mn. Vonnie Mostert (SR-lid vir Karnaval) om na 'n jaarlike Joolkongres te gaan, en die Debatsvereniging en die BTK het ondersteunend R100 en R200 ge-

Balance

Court reports often inaccurate will judge alliances will be considered — Slabba — return

Staff Reporter
Judge President of Mr Just. k. h.
DE
stude
alliances will be considered
Slabba — return
helps counter

When you see yourself quoted in print and you're sorry you said it, it suddenly becomes a misquotation.
— Laurence J. Peter

Balance
Court reports often inaccurate will judge alliances will be considered — Slabba — return helps counter

Staff Reporter
Judge President of Mr Just. k. h.
DE
stude
alliances will be considered
Slabba — return
helps counter

When you see yourself quoted in print and you're sorry you said it, it suddenly becomes a misquotation.
— Laurence J. Peter

RASSE-KAPITALISME OPGESMUK MAAR

UDF verwerp hervorming en onderdrukking

DINSDAG het die eerste parlement van die "nuwe bedeling" in Kaapstad begin. Daar word gesê dat nie-votes nou effektief aan die centrale besluitnemingsproses gaan deelneem. Konserwatiewe politiek is nou mos die wegvoer.

Die regering het die Unitied Democratic Front (UDF) toegelaat om 'n veldtog teen die "Indiërs"- en kleurling-verkiesings te neem. In die tyd van hervormings was dit noodsaklik dat die verkiesings plaasvind in klimaat wat demokratieskryf. In 'n pragmatiese kant is die UDF dus geduld om die Botha-inisiatiewe uitgevoer.

Die 4.2.1.0-bedeling is oorvoldigend aanvaar deur die wit kiesers maar minder uit elke vyf Indiërs- en kleurlingvolwassenes het gekoer. Die sisteem is so bekend dat vir elke vier blanke

ging sedert 1973 en die politieke opstande in gemeenskappe in 1976 en 1980 weer-spieël nie net die onderliggende ontevredenheid met die status quo nie, maar plaas ook die heersende elite onder toenemende druk.

Werkers

Daarom het die regering en die groot geldbase plante beraam om die krisis die hoof te probeer bied. Die doel daarvan was om politieke stabiliteit te verseker en ekonomiese groei aan te help en terselfdertyd die eise van populêre teenstand en die behoeftes van monopolie-kapitaal te akkommodeer.

In die arbeidsveld word werkers by 'n ingewikkelde proses van onderhandeling ingetrek, wat dikwels tot hulle nadele werk. Geografiese en beroepsmobilitet van stedelike swartmense is uitgebrei. Daar is beweging in die rigting van die ophef van

aandeel in die sisteem (bv. deur huiseienaarskap) sal kry om bereid te wees om dit te verdedig.

Maar hierdie hervormings en koöptering sal nie die probleem van 'n stygende stedelike werkloosheid en grootskaalse armoede in die tuislande oplos nie; dit alleen sal nie die groeiende teenstand in bedwang kan hou nie.

Die strategie van koöptering word toegepas saam met toenemende onderdrukking (bv. strenger instromingsbeheer en veiligheidswetgewing) en nie as plaasvervanger daarvan nie.

Die UDF-monstuk van die onderdruktes?

Kenmerkend van die periode van oppervlakkige hervormings en uitgebreide onderdrukking is die opkoms van populêre massa-organisasies soos die Disorderly Bill Action Committee, Cape Action League, National Forum, die UDF en sommige van die losse vakbond-federasies.

Al hierdie groeppe staan saam in hul teenkanting teen apartheid en sy nuut-ingeklede grondwet. Maar hulle verskil in hul verstaan van die huidige opset en strategie vir die toekoms.

Die grootste van hierdie organisasies, die UDF, is 'n nie-rassige sameflansing van gemeenskaps-, werker-, kulturele-, media- en politiekgroepings, wat verenig is deur 'n diep afkeer in die nuwe grondwet en 'n eis vir universele stemreg. Die doel van die alliansie is om as 'n front te organiseer spesifiek teen die 4-2-1-grondwet en strenger instromingsbeheer in terme van die "Koornhawette".

Die UDF is die gevolg van die oplewing van organisasies uit die laat-1970s, en die simboliese wortels kan gevind word in die weerstandspolitiek van die vyftigerjare.

Freedom Charter

Die front bring 'n wye spektrum van sosiale en ekonomiese klasse, metodes van organisasie en ideologiese uitgangspunte bymekaar.

Ondersteuners sluit in: meer radikale liberaliste (wat die sosiaal-demokratiese inhoud van die Freedom Charter benadruk) en mense wat meer sosialisties dink en werk vir 'n groter rol vir die werkersklas in die UDF.

Ondersteuners beywer hulle daarvoor om die verskillende klasse te monster rondom die oogmerk van 'n verenigde demokratiese Suid-Afrika.

Die eise en belangte wat die sterkste gepropageer word, is dié van die swart,

kleurling en Indiërs laer-middelklas. Tog het hulle baie werkersteun as gevolg van hulle wye demokratiese ideaal, en is bereid om werkers te mobiliseer om hulle doel te bereik.



Die organisasie kan as radikaal-liberalisties beskryf word, nie omdat dit 'n pro-kapitalistiese standpunt inneem nie, maar as gevolg van die vee demokratiese sosialisme, sonder 'n duidelike standpunt-inname teen kapitalisme.

Tog is hulle politieke en ideologiese verbondenheid so vaag, die teenkanting teen regering en reformisme so intens en hul streef na radikale massa-optredie sterk genoeg, dat dit moontlik is dat hulle by die sosialistiese beweging sal kan inskakel.

Landswyd

Ten spyte van hierdie teoretiese probleme het die UDF daarin geslaag om in 'n groter mate as enige ander protes-organisasie landswyd te organiseer.

Op baie plekke in die platteland is nie baie intensief gewerk nie. In die tuislande is dit ook gevaaalik vir opposisie groeppe om openlik op te tree.

Tog het die UDF deur die huis-tot-huis-veldtogen teen die nuwe bedeling daarin geslaag om 'n alternatiewe standpunt aan baie mense oor te dra. Ook op 'n indirekte wyse het die veldtogen en die wye publisiteit, negatief en positief, wat daaroor gegee is, die besef tuisgebring dat teenstand deur die onderdruktes moontlik is.

MENINGS-AKTUEEL

Dawie Bosch en Henk Smith, studente aan die US, is die skrywers van hierdie artikel.

Die UDF het 'n sterk proteststem teen hervormingspolitiek gemobiliseer. Maar hierdie mobilisering was hoofsaaklik gerig teen apartheid en rassisme as die groot vyand van ware demokrasie en geregtigheid. Dit is belangrik vir organisasies van die onderdruktes om die realiteit van armoede en uitbuiting, die simptome van die kapitalistiese stelsel in Suid-Afrika, aan te spreek.

Die toekoms sal die UDF toets aan hulle reaksie op hierdie deurdringende vraagstuk.

MENINGS-AKTUEEL is 'n rubriek wat oop is vir alle lede van die Studente-Unie. Artikels moet gerig word aan die Aktuele Redakteur, Die Matie (tel. 5979).



"It would be wrong to dismiss either the Riekert or the Wiegahn report as merely advocating cosmetic change. The change is real — but central to both documents is the replacement of crude racial discrimination by more sophisticated techniques of control. Also central to both reports is the idea of building up a privileged labour aristocracy among the blacks in urban areas."

— Financial Mail, 11 May 1979

PORTERS USED CARS SELECTION

Mercedes Benz 450 SLC. Immaculate condition. Electric sunroof, Becker radio. Genuine 38 000 km, full history available. Finished in glittering Astral Silver with black leather trim. **R4 995**

Alfa GTV 6 2.5 1983 only 15 000 km with airconditioner **R18 950**

1983 Golf 1300LS with radio/tape **R5 995**

1983 Escort 1.3 GL metallic blue with blue interior. The ideal choice for the economy conscious **R6 750**

1982 Escort 1.6 GLE. Maroon with grey upholstery **R6 750**

1981 Toyota Corolla 1.6 SE liftback. A really sporty car! **R6 995**

1980 Mazda 1.3. Beige **R4 995**

1979 Peugeot 504. Diesel. The Long Distance Runner. **R4 995**

1979 Peugeot 504 7 seater. Here we have a car for the man with a big family in perfect condition and low mileage for only **R4 995**

1979 Mini Special — with sunroof **R3 395**

20 000 km or 1 year warranty available. Your trade-in could be your deposit.

Phone Leon or Bill now!!!

Dorp Street, Stellenbosch • Telephone 71374.

FAST, FRIENDLY FINANCE IN OUR SHOWROOM

WesBank
THE DEALERS BANK

PORTER SIGMA
WE MAKE THINGS EASIER
USED VEHICLES DIVISION



"My real desire is to have a garden...."

Van der Spuy

Vervolg van bl. 10

Waaraan sou 'n mens die "agterstand" van Stellenbosse studente (teenoor dié van Ikeys) oor issues rakende feminisme toeskryf?

Om die vraag om te swaai — die "voorsprong" van Ikey-studente is gedeeltelik 'n funksie van die feit dat die tradisie van kritiese bevraagtekening vir voor-die-hand-liggende redes sterker staan binne die konteks van Engelstalige universiteite. Daar is gevlyk meer ruimte vir diegene wat aspekte van die

status quo bevraagteken. Invloede van oorsee werk ook meer geredelik deur tot Engelstalige as tot Afrikaanstalige universiteite.

Wat is feministe se houding oor skoonheidskompetisies?

Net soos pornografiese materiaal perpetueer skoonheidskompetisies die beeld van die vrou as sekuele objek. Binne die konteks van skoonheidskompetisies word die vrou se status gereduseer tot dié van 'n kommoditeit wat met ander kommoditeit (vroue) meeding op 'n (sekuelle) mark. So gesien is dit begryplik waarom skoonheidskompetisies as

sodanig deur feministe verworp word.

Kan seksuele ongelykheid nie regverdig word aan die hand van biologiese verskille tussen mans en vroue nie?

Niemand ontken dat daar biologiese verskille tussen mans en vroue is nie — maar moet die biologiese andersheid noodwendig biologiese inferioriteit of ondergeskiktheid impliseer?

Is dit nie ironies dat die geslag verantwoordelik vir die voortplanting van die spesie, vir die voortbestaan van die mensdom as biologies minderwaardig beskou word nie?

I have a house in which to live. It has furniture, the plumbing is adequate, and there is electricity. The electricity is especially welcome in winter, as it is used for the heaters, which fight off the cold. But although I am happy in my house, my real desire is to have a garden.

Right now, my garden is the deadland, it is the blighted land where no roots clutch; no branches grow out of the stony rubbish. To go barefoot is painful. A squirrel would be lost; so would a bee. There is nothing for the parasite: even he will not be content. The only movement is a little dust complying with its eternal master, the wind — a hard taskmaster who lacks substance to rub a blister, but is intent to do so. No weed dare bristle its way up through the hardness. Only stone images are raised.

But is this garden not chaste? No artful flower has blurted out its beauty after having sucked nurture from the land's arterial strength. No one has tempted pumpkins to bulge from seed to fruit, to be eaten over coals without butter, salt and cinnamon. No white rose has been sneaked away because of a father's love for

his daughter. No white-handed nymphs have been caught in shady places, to feed upon apples red. No lovers have rested in pleasure, like two gems upcurled in the recesses of a pearly shell. No travellers have ever

This garden must become green. I want to lie prostrate, the nervous pricks of grass gathering in a tumorous protest, centring on necks and knees, and look for icons. Below me, the earthworm must help the

It must be a special garden; not just a garden to wander and pick flowers in at nightfall but a garden to take friends to: to share with them, to laugh and enjoy with them. It will not require caring, but will flourish when carressed. It will love the wind, but will

have no fears of draughts. It will not passively nurture all that is planted: it will compensate by drawing fresh seeds from its messengers, the birds.

I wish I could find this garden, and that she and I could be happy together.

manner of speaking

tarried here in an ambrosial world of lotus, letting slip warm sighs of indolent content. So there is nothing to brush aside, nothing to be forgotten. This chastity must not be lost without avail: there must be no breeding of lilacs out of the dead land.

earth; the earth the worm. Above, an oak must lend its leaves and twigs for shelter — tiny screens bunched against the sun. An artillery of daffodils must gash the whiteness of the wall beside me. Baby boys must blow bubbles, and bouncing girls brim with balloons.

Coos se TONTEELDOOS

COOS het hierdie week eers 'n paar formaliteite om af te handel. Maar u hoef nie te skrik nie: Dit sal gou afgehandel wees. Coos is mos hoeke nie een vir baie woordlike. Noem die formaliteite liewers 'n prysuitdeling, of beter nog, 'n Artesaand. Die ligte en die glitter maak Coos nou skoon duiselig, lig, lichter, duiselig. Belig, belighting, oorbelyg. Of wat van onderbelig, belig, oorbelyg of liewer apatie, party, pseudointellectual. Coos is regtig duiselig.

Maar wag, hier kom hy nou uit die skeermee van die verhoog. Hy maak keel skoon. Dit lyk asof hy iets wil sê. Hy tok aan die mikrofoon. Hy skakel dit aan. Sy stem kom oor die luidsprekers en die skare raak doodstil. Die hele Bos het opgetrek teater toe vir die Artesaand. Hulle hou van skouspele, passie (volle) spele. Dus gaan kyk hulle graag kuns-films. (Was hoeke weer dié week filmfees!) Gewoonlik is hulle maar traag om teater toe te gaan. Maar soos gesê: hulle is net daar vir die passie van die skouspel. Any case, Coos bring 'n groot doos te voorskyn. Almal oe-ah. Wat is in daardie doos? Toe, soos 'n towenaar, smile Coos en haal die groot prys uit. Die ligte flikker, die tromme en trompette kondig die aankondiging aan: THE FIRST PRIZE GOES TO EVERYBODY WHO DID NOT VOTE IN ANY RECENT ELECTION. Hy haal dit uit. Toe verder: EN... (EN NOU PRAAT EK AFRIKAANS) AAN ALMAL WAT ONBESTREDE DIT REGGEKRY HET OM OP EAL TE GAAN. EN DAN NOG BUITENGEWON OOK, VERAAL AS JOU ERVARINGSVOLLE VORIGE SOORTGELYKE VLUGTE INSLUIT EN JY ONGELOUKKIG NIE WEER PLEK OP DIE

VLUG KON KRY NIE. (EAL IS DIE ENGELS VIR ELD. ELD WORD GEWOONLIK DEUR VAAL MANNETJES WAAR IN POSBUSSE VAL EN DEUR SEXTROUWES VERLEI WORD, GEBRUIK EAL IS IN KORT WAT IN LANK EGOTUGLUGDIENS IS.) WEL, TA-DA-DAT DIE EERSTE PRYS IS 'N GRATIS KAARTJE NA ANDER KAMPUSSEN MET ELD (EAL).

LAAT MY TOE OM JE VERDUIDELIK HOEKOM DAAR SO BAIE EERSTE PRYS TOEGEKEN WORD. DIE REGISSEUR HET SAAM MET COOS BE SLUIT OM AAN ALMAL WAT SO PAROGENOM IS 'N GRATIS KAARTJIE TEGEE, AANGESETEN DIE WAT NIE GESTEM HET NIE SOWEL AS DIE WAT A.G.V. EERSGENOEMDE JUIS ONBESTREDE/OMSTREDE VERKIES IS GRAAG VAN EAL GEBRUIK MAAR EN DIT GOED SOU WEES AS HUL DAREM EEN GRATIS REIS MET EAL KAN MEEMAAK. (DIE REGISSEUR HOU VAN KONSENSUS.)

Toe rommel die tromme en die trompette bulder. Die neonbluse flikker teen onmeetbaar hoë frekwensies en Coos word meegesleur deur die vloedgolf van (ja, dae word daar hoogs realistiese plays of Stellenbosse verhoë opgevoer) die Lansrivier. Die regisseur staan net die gedoemoen en bekly. Hy weet niets van verwerking van gewilde liedere wat as temamusiek 'n Bosse verhoë sou gebruik word nie. Die pSuedo-Serebrale Relevansie smile Garfield-agtig arrogant-serebraal en pseudokademies.

U.U.B. VIR AL U

- ★ Boeke
- ★ Skryfbehoeftes
- ★ Afrolwerk
- ★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

pikkie blommaert

MATIES!




HOU JOU RYDING
IN KONINKLIKE TOESTAND!
ONTHOU SY BANDE —
DIE NOMMER 1
VEILIGHEDSASPEK



Giepie Brand (oud-Matie) nooi alle studente om sy bandediens te ondersteun.

GIEPIE BELOOF BILLIKE PRYSE!



**KILO
TREADS**

BIRDSTRAAT 182, STELLENBOSCH
☎ (02231) 7 3115

OOK:
Jan van Riebeeckweg, Paarl ☎ 2 1637
Parow: ☎ (021) 931 7356

AVB UITGESLUIT

HELDERBERG

Onafhanklikwording kleurvol herdenk

Riani Swanepoel

DIE "totaal onafhanklike" Republiek van Helderberg het vanjaar hulle 28ste jaarlike Republiekfees gevier. Die feesvieringe is aangebied op kompetisiebasis tussen die inwoners van die vier ingange van die koshuis, en het plaasgevind vanaf 20—25 Augustus, met veerpyltjies en touch-rugby wat die feesweek voorafgegaan het.

Wisseltrofee

Die wenner was ingang twee, wat die wisseltrofee, "Morris", vir die volgende jaar op hulle balkon sal hê. Morris is 'n koddige swart-en-wit motortjie wat jaarliks met groot plannakery bo-op die wenbalkon staangevind word.

Die Republiek van Helderberg is 28 jaar gelede gestig n.a.v. 'n mosie op 'n huisvergadering waarby die inwoners daarop aangedring het dat Helderberg konstytusionele statusverhoging van 'n koshuis na 'n onafhanklike Republiek regverdig. Sedertdien is die huis-

komitee ook glad nie so doodgewoon nie: hulle is ministers met 'n president aan die roer van sake.

Vanjaar is die feesvierings behartig deur Leon Halgrym (Minister van Feesaangeleenthede). Die feesweek het bestaan uit verskillende kompetisies, sport(s)soorte en pretsoorte, asook 'n formele dinnee en huisdans.

Volgens Leon Halgrym wil Helderberg graag die hoogtepunt van die week, nl. die Aand-Kriekettoernooi, progabeer, veral onder die dames van Stellenbosch.

Uitdunne

Krieketuitdunne is gehou tussen die Helderbergspanse, en vier uitnodigingsspanne (Lydia, Nerina, Irene en Minerva) het afsonderlik meegeding om 'n wisseltrofee. Die dames het hulle wedstryde aangepak in geesdriftige spandrag, nl. tipiese Amerikaanse voetbal-skouers en kophelms.

Met die Watergooi-Rekerskiet is vyf "holle" (d.i.

Eerstejaars) staangemaak en as teikens gebruik. Dit was 'n kwessie van 'n punt vir elke natte, maar die koshuis se twee eregaste, "Kraai" en "Spekkie", twee Bergies van die dorp, het 'n natter Dinsdag as die "holle" gehad.

By die pyp-en-sigaretstrook-kompetisies het die ou hardbaarde en nie-rokers saam gewys hoe die dampies gemaak moet word. Benson en Hedges-sigarette is gerook, maar daar was ook gekul 'n makliker Camel!

'n Fietswedren om Helderberg het spoed en soveel moontlik rondtes gevra, maar ook ruilvernuf, aangesien slegs een fiets vir elke span gebruik is. 'n Motorfiets is gebruik om die manne op die fietse momentum te gee.

Stadig

Die "stadige"-fietswedren was van 'n traer geaardheid. Die wenner was die persoon wat die langste geneem het om 20 m af te lê, sonder dat 'n voet grond raak.

Dit was glo inprop en styf sit, maar met "Braam se Lan-

cia"-kompetisie het sestien ouens daarin geslaag om op

een slag — met die deure toe — in die kleine "Lancia" te pas.

Ander lekkertes was die Feeshap in die Jack Wellsaal, armdrukke, die Bergpad-landloop, "Volleyball", eiergegooi, handeloop, 'n serenade-aand waarvan die dameskoshuis kan getuig en 'n "lekker warm" sokkie. Die golfkompetisie is gespeel met windballe na 'n enkele putjie voor die koshuis.

By die formele dinnee van die junior en senior manne was die gasspreker, Butch Lochner, stomgeslaan deur die gees van die Helderbergers...

'n Regatta is gehou op die dam van die plaas Meerlust van mnr. Nic Myburgh, een van die borge van die feesweek. Die reëls was dat ten minste tien persone op die vlot moes bly, wat vir party minder koeles nie meer so maklik was nie. Daar is ook 'n braai, soutrek en "Boat-races" gehou. 'n Desperate poging van 'n verloorspan het die rekord by die "Boat-races" laat opgaan na ses biere in 1½ minute. Die fees is afgesluit met 'n huisdans in Malmesbury se Stadsaal, waar die pryse ook oorhandig is.



Helderberg se "Republiekfees-regatta" is op die plaas Meerlust van mnr. Nic Myburgh gehou. Groepe lojale "burgers" met alles veil vir hulle Republiek is tien-tien te water gelaat op vlotte, waar al tien ook moes bly. Alle vingers, tone en spanne is gebruik om die wankelinge "soewereiniteit" op elke vlot te behou.

"Pink Panther" ten (happy) years old

Chantelle Ludski

THE Pink Panther's paw prints have been indented in Stellenbosch for a decade now.

For those not familiar with the Pink Panther connection, it is the mascot of Erica, who has been celebrating its tenth birthday in style the last week.

Over 450 past Erica students nationwide were contacted and invited to a host of events, which started with the traditional Worsbraai at Eendrag on Thursday night. Salads, rolls, boerewors and of course a sokkie were the ingredients of a fun-filled evening.

At 11.30 that same evening, a group of Ericastudents braved the winter chill and went on a serenading spree, much to the delight of the men's residences.

The next happening on Erica's social calendar was a Hennedine on Friday night which was followed by a

House Meeting. The theme of the Hennedine was "Pink Ladies". Past and present Erica students arrived dressed from the demure to the outrageous. A prize was awarded to the most appropriately dressed "Pink Lady".

At the House Meeting, the past headstudents gave some insight as to what their position as head of a women's residence had entailed. For some visitors, being back was a memory being relived and the feeling expressed by most was the pride that they felt, having been in Erica.

Saturday morning heralded a tea party which was held in the Sanlam Hall of the LSS. Mr Izak de Villers was

the guest speaker addressing the fifty guests who attended this event. Being the editor of a well-known Afrikaans magazine, he spoke on a topic well suited to himself, namely "The role of the woman in today's society".

The climax of Erica's birthday, for all concerned, was the Huisdans. This had been the most talked-about occasion since the beginning of the year and it turned out to be every bit as good as everyone had hoped it would. The dance took place in the Paarl City Hall. 260 people attended this striking event which also served as a perfect rounding-off to the week's celebrations.

Sosiale Kalender

DE AKKER

Sweat Band is nog steeds besig om hier die lewe moeilik te maak vir die berugte

apatisie studente van Stellenbosch. Die groep speel elke Vrydag- en Saterdagavond en toegang is gratis vir meisies tot 21h00. (Hou die volgende Matie dop vir meer inligting oor hierdie groep.)

DEVON VALLEY

Met die heerlike lente-weer op hande kan daar gerus meer mense gebruik maak van die terras. Die uitsig oor die vallei is alleen 'n besoek wert.

AL CAPONE'S

Hierdie is die plek vir almal wat wil little losmaak op maat van die jongste disko-musiek.

OU STAL

Almal met 'n bietjie vrye tyd tot hulle beskikking is welkom om op Vrydagmiddaag hier te kom video's te kyk. Bekende films word gratis vertoon en drank word ook soos gewoonlik bedien.

VIRGO

Hierdie restaurant is 'n besoek wert. Behalwe die dansvloer wat tot almal se beskikking is, word daar ook van die beste lekkernye op die spyskaart aangebied. Die restaurant kan ook vir ont-hale gebruik word.

PIG 'N WHISTLE

Hierdie "watering hole" is nie net daar vir die lkeys se plesier nie. Pendulum maak elke naweek hulle stemme dik hier en is beslis 'n luister wert.

FORUM

Z Astaire, 'n nuwe plaaslike groep, tree tans elke Woensdag, Vrydag en Saterdag hier op.

REGENCY HOTEL

Die bekende Josh Sithole kan nog steeds hier in aksie gesien word. 'n Moet vir elke jazz-liefhebber.



Volkskas het 'n mooiloopdiens vir elkeen van jou raap-en-skraap-broekskeurdae.

Jongdae. Moeilike dae. Maar goeie dae. Veral as jou Volkskas-bestuurder jou ken. Hy't altyd een of ander diens om aan te bied. Soos 'n spaarrekening vir daardie wonder-wat-kos-'n-tweedehandse-motor-dae. Studiehulp vir die disdalk-beter-om-maar-te-gaan-swot-dae. 'n Tjekboek vir daardie skenk-asseblief-udringende-aandag-aan-hierdie-rekening-dae. Kredietkaarte en 'n kitsbankdiens vir daardie vanaand-gaan-ons-twee-jaar-lank-uit-dae. Begrip en financiering vir die ons-wil-trou-pa-dae. Plus 'n magdom ander finansiële dienste vir al jou jongdae. Kom gesels met jou Volkskas-bestuurder. Hy verstaan.

Volkskas

Jou bankgenoot deur dik en dun.



Complaints are ancient — same every year

**MARINUS V. RAVENSTEIN,
CHAIRMAN:
1984 USAT-
COMMITTEE,
writes:**

Complaints Department, may I help you?

Dear Complaints Department, please help! USAT gave us rehearsal time in the Old Conserve during the crucial WP-Northern Transvaal match, which we were subsequently forced to miss. USAT's lighting board tripped out during dress rehearsal week, forcing us to rehearse without lighting! The letters that USAT had sent out months ago only reached us on Friday, therefore we are boycotting the drama festival! We have written and produced a very controversial play which everybody talks about even before it has been staged; therefore we are now withdrawing it from the drama festival, for fears that the USAT committee members, who are also the adjudicators, may be biased! Tell us please, what can we do?

Dear Complaints, your complaints are endemic of what happens every year, and are therefore ancient. USAT has always been insensitive to the needs of the Stellenbosch Collective Cultural Conscience (SCCC). USAT should have known about the rugby match beforehand, and organized a

tour to Newlands instead of making you rehearse at the time. USAT should have checked with Koeberg Power Station at the beginning of the year about current fluctuations during the national switch-over to nuclear power, which caused the lighting box to trip. USAT should have known better than to send you letters via the usual channels; they should have delivered their correspondence personally, and performed a play at the different student residences every week to remind you all of the pending drama festival.

USAT committee members are paranoid about somebody writing a fantastic play about USAT; they are therefore naturally inclined to bias. They should also yet, screen and censor all plays performed at the drama festival. Now all of you, listen (*sic!*)! Go and lodge a formal complaint at the SRC against USAT straightforward!

SCCC (Mimicking a donkey, actually a real donkey): Hidde!

Well, what can one say about the dear snack of drama dished out by Tygerberg and lapped up by said SCCC? For all parties involved must feel entangled in some kind of a Mary Decker-Zola Budd affair, with no winners but no losers either. Surely Tygerberg cannot be blamed for the fact that they only received correspondence sent out months ago the week before drama festival. Repeat-

ed verbal messages (and telephone numbers supplied) did not reach them either. What then can one say about the communications system at USAT, that will not sound like some crank review of a bad movie?

I have in the aftermath of the Tygerberg affair, picked three campus residences from the telephone directory, at random, and asked to see what correspondence they have in fact received. After some frantic scrambling, one residence managed to come up with a USAT letter sent out last year. Having spent nearly half an hour at another residence going from HK member to HK member fruitlessly, I was told by a HK member at the third, a ladies' residence, that they "receive hundreds of letters from the SRC office every day, and cannot possibly be expected to keep them all". They "read them, then throw them away". However, inexplicably, they all knew about the USAT cheese and wine for participating residences, which was only mentioned in the last letter which they had claimed they did not receive, and wanted invitations.

Among this squalid rubble lurks a USAT committee that has been the most prolific since USAT's inception insofar the quantity of productions mounted, the scale of these productions and their critical acclaim (refer daily press) went. A committee that has sought, and at-

tained, closer co-operation with other cultural organisations on campus. A committee which, beleaguered with sudden late entries to the drama festival, had to work many a late night revising rehearsal schedules to accommodate everyone, not to mention poster and programme changes. Thus the pace towards the drama festival dragged, the action sagged. USAT waited in the wings of the great SCCC stage for cues from its actors, and only got vague and inarticulate stutters about "pathetic organisation", etcetera, ad infinitum.

(Letter shortened — Ed.)



Briewe

DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentensentrum, Stellenbosch 7600.

Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng gehem gehou.

So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.

Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

ORKESORREL met ingeboude versterker en luidspreker. Opvoubaar en draagbaar. Vyf oktawe standaard klavierbord. Kontak Jabez in Majuba 265 of tel. 2010. Prys R450 onderhandelbaar.

sit tradisioneel aan geslagteklike vas.)

Of wat praat ek alles, m die redakteur, mmmm?

BAIE dankie vir u reaksie. Dit is verblywend om te sien dat Die Matie se pogings om vooraan die joernalistiese en taalfront te bly, gewaardeer word!

Wat u vrae en aanbevelings betref:

- Dit is die afkorting vir mevrou óf mejuffrou, en nie 'n spesifieke woord nie. (Vergeleky die Engelse ms)
- Aangesien dit nie 'n woord vorm nie, kan daar nie 'n meervoud bestaan nie.
- Ek sou wel mee as 'n meerouds-afkorting voorstel.
- Aangesien me huis be swaar maak teen manlike chauvinisme en paternalisme, is daar geen verkleiningsvormpie nie.
- Nou gaan ons darem bietjie té ver, selfs vir Die Matie! Veral waar eerste name nie ter sprake is nie, is dit ongelukkig wel soms nodig om te onderskei tussen die geslagte. As ons lees dat die pragtige jong paartjie, mm Smit, 'n partytie bygewoon het, kan dit dalk huis seksies klink!

Enige voorstelle tot verdere verbeterings sal van harte verwelkom word. Ons waardeer u belangstelling! — Red.

Het die privaatwyke nog 'n bestaansreg as hulle nie hul kant bring nie?

Om dié studente uit te sluit van die aktiwiteite is onregverdig, want daar is wel diegene (vys) wat wil deelneem.

Is die nie vir die universiteit moontlik om die privaatwoners so in te deel dat elke koshuis 'n privaatwyk het nie? Die privaatwoners word dan verteenwoordig deur 'n HK uit eie gelede. As daar nou 'n funksie is, sal die privaatwoners se afwesigheid nie so erg gevloek word nie. Diegene wat wil deelneem is welkom. Die deelname van die privaatstudent sal ook geredeliker wees, want hy weet hy sal nie al een wees wat opdaag nie — daar is 'n koshuis vol studente wat saam met hom opdaag!

Ek sal toegee dat daar nog baie gedoen kan word om regverdigheid te laat geskied. My waarnemings van wat in kommunistiese state aangaan laat my egter glo dat die kans beter is dat hierdie doel 'n beter kans staan om in kapitalistiese state verwezenlik te word.

Karate word afgeskeep

FRANCOIS BOTHMA skryf:

Die Universiteit van Stellenbosch word landwyd geken vir sy sportprestasies. In elke sportsoort is daar ultimblers — hetsy span of individu.

Net in een sportsoort gebeur daar niets en dit is kwaad.

Die jaarlikse intervarsity tussen die Maties en die Ikeys het doodgeloop en by die jaarlikse Suid-Afrikaanse Universiteite Karatekampioenskappe is daar geen Matie-verteenwoordiging nie.

Die tyd geword dat die Matie-karateklub homself regruk en die Maties wat ander style beoefen as Goju-Ryu, betrek ten einde ook die Maties se naam op die vlak hoog te hou.

Het wyke bestaansreg sonder deelname? MAAK-'N-PLAN skryf:

Vandag het ek dit oor privaatwyke. Wie van ons het nie al die nagmerrie-ondervinding gehad om 'n karmaval, sangfees of iets dergeliks met 'n privaatwyk te hé nie?

Die mense daag eenvoudig net nie op vir die voorbereidings of oefening nie. 'n Opmoks van vyf studente noem hulle formidabel. Hoe kan die aktiwiteit slig as die deelname eensydig is? Die arme koshuisinwoners ly nou onder die privaatloseersders se swak deelname. Op gewondenheid kry tinte van teleurstelling en woede, want die koshuisinwoners mis die pret en plesier van 'n tipiese studente-aktiwiteit.

Privaatwoners kan seker nie huis kwalik geneem word vir die situasie nie. Die meeste privaatwoners ken mekaar nie en verder is dit meestal senior studente vir wie studentinterpret al afgewerter is.

Het die privaatwyke nog 'n bestaansreg as hulle nie hul kant bring nie?

Om dié studente uit te sluit van die aktiwiteite is onregverdig, want daar is wel diegene (vys) wat wil deelneem.

Is die nie vir die universiteit moontlik om die privaatwoners so in te deel dat elke koshuis 'n privaatwyk het nie? Die privaatwoners word dan verteenwoordig deur 'n HK uit eie gelede. As daar nou 'n funksie is, sal die privaatwoners se afwesigheid nie so erg gevloek word nie. Diegene wat wil deelneem is welkom. Die deelname van die privaatstudent sal ook geredeliker wees, want hy weet hy sal nie al een wees wat opdaag nie — daar is 'n koshuis vol studente wat saam met hom opdaag!

**TOLKEN
TOYOTA**

U vriendelike plaaslike Toyota-handelaar vir uitstekende diens en verkoop.

**Dorpstraat 73
Stellenbosch
Tel. 71345**

Marx se doel bereik deur ander middele

EK WONDER MAAR NET skryf:

Wat diegene uit die oog verloor wat hulle nog vir 'n kommunistiese samelewning beywer is dat Marx se probleem wat hy wou oplos, naamlik, om die armes te help, op ander wyses as die omskepping van privaatbesit in gemeenskaplike besit te weeggebring is.

Die staat belas naamlik die kapitalis en wend die geld ten behoeve van die massa's aan. As gevolg van, onder andere, meganisering (iets wat Marx gesê het sou bydrae tot kapitaalkonsolidasie en die uiteindelk vernietiging van Kapitalisme) is bale mense in Europa werkloos.

Die staat laat egter nie toe dat die goede orde versteur word (soos wat Marx gesê het sou gebeur) deur die werklose massa's nie en wel deur die betaling van werkloosheidsversekerung aan die werklooses. Die geld wat daarvoor aangewend word is onder andere afkomstig van die belasting wat kapitaliste moet betaal. 'n Mens kry dus wel nie gemeenskaplike besit (dit wat volgens Marx alle ellende sou oplos) nie, maar wel 'n verdeling van rykdom. Dit is ook nie noodwendig dat 'n mens kan sê die kapitalis word van iets onteem wat hy nie is nie — die mens verdien dit dalk. Ek dink Marx sou heel tevrede gewees het met die huidige toedrag van sake en gevoel het

DIE MATIE plaas geklassifiseerde advertensie gratis. Advertensies kan by die SR- of *Die Matie*-kantoor gelaat word. Beide kantore is op die boonstevlak van Neelsie.



ATLANTIC SKYDIVERS**Stellenbosch Valskermklub bied opwinding vir avontuurlustiges****Hennie Bester**

DIE Stellenbosse valskeermklub is een van die sportklubs wat aan opwinding net soveel, en nog baie meer, te bied het as enige ander klub in die Universiteit. Nogtans is dit 'n sport wat nog rela-



'n Valskerm springer besig om mee te ding in die akkuraatheid safdeling. Die springer wat die naaste aan die merker land sal as wenner uittree.

tief min aandag onder studente self geniet en 'n moontlike rede sou te danke wees aan die droomkwaliteit wat daar aan 'n "veilige val" kleef.

Met ander woorde, die aktiwiteit van vryval lê buiten die realiteitsin van die gemiddelde student. Tog spring

daar mense elke Saterdag en geniet die rou energie wat swartekrag te bied het.

Kitskursus

Dit alles begin by 'n kitskursus elke Saterdagoggend om 08h00. Inskrywingskoste is R70 en dit sluit in alle nodige tegniese opleiding, bv. die pak van 'n valskeerm, sprong, en landingstegnieke, wat deur professionele instruktore aanbied word. Dit sluit ook die eerste sprong in. Die beginners se eerste sprong word gedoen op 'n hoogte van ongeveer duisend meter vanuit 'n ses-sitplek vliegtuig en met outomatische koordopening. Name die springer/ster meer ervare raak (elke addisionele sprong R10), raak die moontlikhede al groter. Ervare springers/sters (10 spronge plus) doen vryvalle van hoër as driehuisend meter en spesialiseer later gewoonlik in kompetisiespronge. Daar is twee aspekte van valskeerm-

kompetisie: formasiebou tydens vryval en teiken- of akkuraatheidsspronge.

Vir die laaste kompetisies word slegs die sg. "parafoil" skerms gebruik gemaak. Dit is 'n vierkantige dubbellaag valskeerm wat tot 'n groot mate gestuur kan word en ook stukrag produseer. Die "parafoil" is dus 'n raamlose hangsweeftuig as 'n blote valskeerm.

Die tegniese informasie omtrent die valskeerm sport slaag egter nie daarin om die unieke opwinding van 'n werklike sprong oor te dra nie. In die enkele sekondes wat 'n persoon vryval word die vinnigste moontlike snelheid, sonder hulpmiddels, vir 'n mens behaal. Opmerkings dat vryval "fisiiese vryheid" is, of dat dit menslike oerdrang om bloot net te vlieg bevredig, is algemeen onder klubledde.

Eie koste

Die universiteitsklub is nog nie 'n klub in eie reg



Een van die Stellenbosch-klublede land sag op die grond na sprong in die afgelope SAU-toernooi. Die Stellenbossers het die akkuraatheid safdeling gewen. Hulle het die eerste plek met Tukkie gedeel nadat hulle verlede jaar tweede geëindig het.

nie, maar funksioneer as 'n seksie van die oorkoepelende Stellenbosch-klub wat by die plaaslike vliegveld gesitueer is. Addisionele en-

toesiasme behoort egter die ideaal van 'n volwaardige studenteklub te bewaarheid. In kompetisies in die verlede moes studente op hul eie koste inter-universitêr deelnem. Die klub het 'n vrou maakte veiligheidsrekord en dames is baie welkom.

"Ek's deur... maar die bank is toe!"

"Maar ons kan gaan vier."

WEES JOU EIE BANKIER. ENIGE TYD.

Demp toe bankdeure jou geesdrif? Met 'n Bankmankaart kan jy nou 24 uur per dag, 7 dae per week, kitskontant by die Bankman outomatische tellermasjien in Neelsie se deurloop kry.

Kry jou gerieflike Bankmankaart nou by André Markgraaff, tel. 71020 of besoek hom by die Bankmankaartkantoor, Andringastraat 73, Stellenbosch. En wie moet jy bedank? Boland, Boland Bank.

BOLAND BANK



Branderroeiers vaar uitstekend

STELLENBOSCH het by die afgelope SAU-toernooi in Jeffereysbaai getoon dat hy branderroeiers van bogemiddelde gehalte het. Die Maties het die gesogte SAU-skild met gemak gewen.

Geen rondte is deur die Maties afgestaan nie. Hulle het 145 punte aangeteken. Die Ikeys was tweede met 108 punte. Een punt na hulle was UPE. Natal was vierde en Rhodes laaste.

Vyf van die agt Stellenbossers het tot die semi-finale deurgedring. Johan Visser en Wim van Rooyen het die finaal bereik en onderskeidelik vierde en sesde geëindigd.

Die eerste kompetisie van hierdie semester is op Saterdag 18 Augustus by Blouberg gehou. Weermag het teen die Maties te staan gekom. Stellenbosch het maklik gewen met 116 punte teen 83.

Die top puntemakers vir Stellenbosch was Johan Visser, Wim van Rooyen, Henri van Deijl, Brian Groom, Pedro Crous en Attie Hofmeyer.

Op provinsiale vlak vaar die Maties ook goed. Dit het hulle bewys in die tweede WP Grand Prix wat te Kom-

metjie gehou is.

Wim van Rooyen en Cecil Baker het tot in die semi-finale gevorder. Johan Visser het uitstekend geroei en deurgebring tot die finaal. Hy is as 'n sterk aanspraakmaker op die eerste plek beskou.

Gordel

Kort nadat die finaal begin het, het Visser se veiligheidsgordel gebreek. 'n Brander het hom van sy ski weggeslinger, maar sy

voete het in sy voetbande vas gehaak en hy is oor die bamboes gesleep.

Tien minute later kon 'n uitgeputte Visser eers daarin slaag om die strand te bereik. Hy moes tevreden wees met 'n sesde plek en 'n stukkende ski. Ironies genoeg was sy prys 'n veiligheids gordel.

Kompetisies word beplan teen Blouberg en Peninsula. Hulle is die enigste twee klubs wat vanaar nog nie deur die Maties geklop is nie.



'n Speler van die klub se hokkiespan spring vir die bal tydens 'n oefening. Die hokkieseisoen word Saterdag 8 September afgesluit met die Prestige-byeenkom. Klub- en koshuisspelers mag in die toernooi speel.

HOKKIE

Lydia Bwen tweede liga

MET goeie aferonde spel het Lydia B daarin geslaag om die wenner van die tweede liga van die dameskoshuishokkie te wees. Die wenner van die eerste liga moet nog bepaal word.

In die tweede liga word

bosch. Unfortunately he lost one game to win 3-1 but this result led to a draw in games between the two teams.

For a result the individual scores had to be added. This gave victory in the favour of Medics by 111 points to 107 points.

The match formed part of the WP Squash league. Since there has to be a winner when a match is played the individual scores were added. The match would have been a tie if the individual scores were level.

STELLENBOSCH-MARATHON
SATERDAG, 8 SEPTEMBER
06h30 COETZENBURG



OP DIE KANTLYN

Unie, gesê het dat "Oosthuizen en Maritz se stap geen probleme is nie en dat geen verdere ondersoek na die aangeleentheidoorweeg word nie." Boonop word Oosthuizen en Dries Maritz met lewenslange skorsing gedreig.

Terwyl hierdie eensydige, kinderagtige houding voortduur, het Vaaldrifhoek 'n beter kans om die Curriebekerto wen as Transvala.

'n Mens kan maar net hoop dat mn. Le Roux sal beseft dat Transvala nie sý unie is nie, maar dat hy net 'n amptenaar is. Hoe gouer, hoe beter.

Telling: Spelers | Bestuur

0.

Nadat Henning van Aswegen vroeger vanjaar Transvala toe verhuis het, is hy in sy gunstelingposisie vir Transvala gekies. Dit het meegebring dat Ockie Oosthuizen na die anderkant van die skrum moes skuif.

Hy was nie bereid om dit te doen nie en het homself ontrek. Is dit die optrede wat van 'n provinsiale kaptein en Springbok verwag moet word?

Telling: Spelers | Bestuur

1.

Dit is duidelik dat die spelers en die administrateurs wedersyds toegewings sal moet maak. Daar kan nie lojaliteit van die spelers verwag word as hulle belang nie in ag geneem word nie. Word dit gedoen, sal die spelers ook hulle kant bring.

Daarom is dit baie jammer om te verneem dat mn. Jannie le Roux, voorzitter van die Transvala Rugby-

Die Engelse krieketbase is seker baie bly dat die "rebel-like" se skorsingstyperk amper verby is.

Die huidige Engelse span is seker die swakkste wat Engeland ooit gehad het. Nadat die Windies hulle met 5-0 kafgedraf het, is die Sri-Lankese nou besig om te wys presies hoe middelmatig die Engelse werklik is. In Engels sou mens die span beskryf as "mediocre".

Die beste van alles, en ook die mees onverstaanbare, is dat Allan Lamb, 'n Suid-Afrikaner, die enigste speler van werkelik internasionale gehalte in die span is.

* * *

Richard Hadlee, die Nieu-Seelandse bouler het verlede week 'n besondere prestasie behaal. Hy is die eerste speler in 17 jaar se Engelse krieket.

* * *

ket wat in een seisoen 'n 1 000 lopies aangeteken en 'n 100 paaltjies geneem het. Voorwaar 'n puik prestasie.

* * *

Vir Suid-Afrikaners is internasionale teenstand altyd 'n voorreg. Maar dan moet ons darem na ons besoekers oomsien.

'n Internasionale tafeltennisspan het Suid-Afrika die afgeloep tien dae besoek. In die tien dae het hulle elf wedstryde gespeel. Die twee wedstryde wat hulle op een dag gespeel het, was teen die WP en die Springbokke!

Hul vervoermiddel? 'n Mikrobus!

Hoewel mens dankbaar is dat die Suid-Afrikaanse Tafeltennisvereniging die toerspan in die hande kon kry, is die gevoel dat hulle darem meer moeite met die toerplan kon doen.

* * *

Vuilspel in rugby is steeds sterk aan die gang.

Die Wallabyslot, Steve Cutler, is 'n tydje gelede gedurende 'n klubwedstryd in die hospitaal in geslaan. Die Burger berig "die spelers... is woedend oor die manier waarop Cutler bygekom is, maar dis onwaarskynlik dat die klub 'n amptelike klag... sal indien."

Iemand het eenkeer gesê: "Soccer is a gentleman's game played by ruffians. Rugby is a ruffian's game played by gentlemen." Dit lyk asof die "gentlemen" besig is om minder te word.



**Maties –
intervarsity
sweaters still available**

"puppy love"
TEL.
3866



Danie Slabbert, dubbelskampioen van Stellenbosch se Snookerklub lê aan vir 'n skoot. Slabbert en Ron van der Water het die dubbelspel gewen.



Dagbreek en Pieke in 'n losgemaal. Dagbreek het die wedstryd, wat in winderige toestande gespeel is, met twaalf punte teenoor twee gewen. Die resultaat kon heelwat anders gewees het as Pieke daarin geslaag het om meer van hul strafskoppe oor te kry.

MUURBAL

Helderberg wen in finaal

HELDERBERG het die interkoshismuurbalkompetisie in 'n spannende finaal teen Dagbreek gewen. Hulle het met 8–7 op Donderdag 30 Augustus by die Ou Mutualbane geseëvier.

Die span van Dagbreek het deurgebring na die finaal deur onoorwonne in die B-afdeling te eindig. Helderberg het die gunstelspan Simonsberg in die A-afdeling geklop om dié afdeling te wen.

Dagbreek het goed begin en hul eerste wedstryd gewen. J.C. Venter, no 4, het vir Jan van Heerden met drie potte teenoor nul geklop. Charl van Vuuren het hierna sy wedstryd met 3–1 verloor teen Pieter van Gruenewald. Van Vuuren, wat baie

verbetering vertoon het in sy afgelope paar wedstryde, het 'n nagmerrie-wedstryd beleef. Na die wedstryd was daar een oorwinning elk vir albei spanne. Dagbreek het nog steeds voorgeloop met vier potte teenoor drie.

Hoddy Dougmore van Helderberg het met twee potte teenoor drie teen Gerrie Fourie verloor. Fourie, wat provinsiale muurbal op skool gespeel het, se ervaring het duidelik gevlyk in die spannende wedstryd.

Sy fiksheid het egter nie toegelaat dat hy met 'n beter telling kon wen nie. Dit sou veroorsaak het dat die finale telling anders gelyk het.

Tim Hedges, no 1 van Helderberg, het op die baan gestap vir die finale en beslis-

sende wedstryd. Hy moes 3–0 wen om 'n oorwinning vir Helderberg te gee. As hy een pot sou afstaan sou dit beteken dat Helderberg en Dagbreek die eerste plek moet deel. Hy het hom goed van sy taak gekwyf deur Michael van Vuuren skoon-skip te klop. Dit het die finale telling op 8–7 in die guns van Helderberg te staan gebring.

Simonsberg het Personeel-A om die derde plek geklop. Die wedstryde het heelwat gees gewys in die koshuise. Veral in die wedstryd tussen Dagbreek en Helderberg is daar dikwels luidkeels gejuig wanneer punte gewen of verloor was deur 'n speler van die betrokke koshuise.

SPORT PROFILE

AUDREY WALKER, one of Maties' and South Africa's up-and-coming young hockey players, has recently been selected for the SA under 21 side.

Coming out of a very sporting family, this is no bit of luck. Audrey's mother played hockey for Southern Transvaal, her sister plays hockey for SA Colleges as well as for Natal and her older brother plays basketball, for which he has already obtained his junior Springbok colours.

Audrey was born in Johannesburg, where she went to school until standard four. In standard four her family moved to Durban. In primary school she played tennis and netball, but her real interest always lied in hockey. Her love for the sport was kindled by her mother especially, and it was obvious that Audrey would start playing hockey in high school.

As a pupil of the Westville Girls' High School in Durban, Audrey started playing hockey in standard six. In standards nine and ten Audrey was chosen as left half for the Natal Schools team. Left half was also the position in which she started playing hockey and remained in until the end of Matric.

Becoming a Matie had always been one of Audrey's dreams and it was a dream which was fulfilled. At present she is studying Physiotherapy and is thoroughly enjoying her course. Being a second year student she does



Audrey Walker

Although she has little time for anything other than hockey during the season, she does not mind spending most of her time on the hockey field, as hockey is her first love. (Speaking of first love, Audrey does not really have much time left for other loves than her first love, although she says that she has many boyfriends.)

Since Audrey's arrival in Stellenbosch she has been a first team regular. In her first year she immediately started playing for the first team. She played centre half for the whole of 1983. During 1983 she represented Stellenbosch in the SAU hockey team. She also played for Peninsula. At the beginning of the 1984 season, Audrey

changed her position from centre-half to right-half. She prefers this position to her former positions. During the course of the 1984 hockey season Audrey played indoor-hockey for Peninsula, was chosen for the SAU team and played Peninsula again. The highlight of the 1984 season was when she was chosen for the SA under 21 team recently. She still cannot believe her inclusion in the team. It came as a big surprise to her.

Although hockey is Audrey's first love, she enjoys any kind of sport. She loves playing tennis and squash as well. Playing various sports, Audrey is very active and thus enjoys her food. She has no favourite dish, but she does admit that she has a weak spot for something sweet.

Audrey's sporting nature is reflected in her way of dressing as well. Her favourite clothes are jeans, t-shirts, T-shirts and big sloppy jerseys. If the T-shirts and jerseys are blue all the better, as blue is her favourite colour.

Audrey has a small piece of advice for hockey players, especially first years at Stellenbosch. Even though the girls start playing hockey in the lower teams, they must continue playing. In due course the dedicated players will be rewarded. Hockey definitely opens doors for one. Audrey has made lots of new friends through her hockey and hockey has given her the opportunity to broaden her outlook on life.



Albertus van Zyl, slot van Eendrag storm doellyn toe. Van Zyl het beïndruk met sy kragtige lopies en is moeilik gestuit.

Beker buite bereik vir Helshoogte

DIE eerste semesterkamPIOENE, Helshoogte, het Vrydag hul tweede nederlaag van die semester gelyk. Dit is onwaarskynlik dat Helshoogte nog die semesterfinale sal haal. Eendrag het die wedstryd met 10–8 gewen.

Anders as wat die telling aandui, was Eendrag deurgaans in beheer van die wedstryd. Veral voorlangs het Helshoogte nie raad gehad met Eendrag se skrumkrag nie.

Eendrag het in die eerste helfte deurgaans gebiedsvoordeel geniet en gevaaarlik gelyk in die aanval. Die slot, Albertus van Zyl het beïndruk met sy stormlope vanaf lynstane. Gerhard Venter, skrumskakel van Helshoogte,

KOSHUISRUGBY

Pieke skop swak – Dagbreek wen

DAGBREEK het 'n goede oorwinning van 12–2 oor Pieke in hul krameting op Vrydag 31 Augustus gehad. Pieke het verskeie strafskop-poggings gemis wat 'n groot invloed op die finale telling kon gehad het.

Met die oorwinning oor Pieke, wat die week tevore die sterk span van Helshoogte geklop het, is Dagbreek nog onoorwonne in die tweede semester.

Geskop

Dagbreek het in die tweede minuut van die wedstryd 'n drie gedruk. Na die eerste skrum in die Dagbreek helfte het Karel Hugo 'n lang skop op die heelagter geplaas. Anton Nel, die Pieke heelagter, het kort voor sy pale

beheer van die bal verloor. Hugo wat goed opgevolg het, het die bal onderskep en die drie gedruk. Nicky Cilliers het die skop gemis wat 'n groot invloed op die finale telling kon gehad het.

In die winderige toestande waarin die wedstryd plaasgevind het, het daar baie min lynbewegings ontstaan. Die bal is heen-en-weer geskop. Pieke het twee geleenthede kort na mekaar gekry om die telling gelyk te maak met strafskoppe. Andries de Villiers, regtervleuel, het albei pogings gemis.

Cilliers, Dagbreek se skrumskakel, het 'n strafskop oorgesit direk voor die pale om die telling tot 6–0 te bring. Kallie Esterhuyse, die Pieke losskakel, het hierna nog 'n strafskop gemis, wat weer eens, as die ander pogings ook oor was, dit die telling gelyk kon gebring het. Hy het kort hieraan 'n reuse skepskof vanaf die halflyn oor die pale gesit. Dit het die telling tot 6–2 gebring.

Rustyd

Pieke het op die stadium heelwat gebiedsvoordeel gehad. De Villiers het as gevolg hiervan amper in die hoek gedruk, maar die Dagbreek-verdediging het hom kort voor die lyn gestuit.

Pieke het kort voor rustyd nog twee strafskoppe gemis. Die rustydelling was 6–2 en as Pieke al hul skoppe

gesit het, sou die telling 10–6 in hul guns gewees het.

Dagbreek het weer, sou in die eerste helfte, vroeg in die tweede helfte punte aangegetek. Hugo het 'n goede skepskof onder druk na 'n strafskop oorgesit. A. Nel, Pieke heelagter, wat 'n goede posisionele wedstryd gehad het, en ook beloon was met 'n paar goeie lopies nadat hy by die lyn aangesluit het, het nog 'n strafskop gemis.

Drie

Louis du Pisani het 'n goede wedstryd op senter vir Dagbreek gehad. Sy skopvoet het heelwat verligting vir Dagbreek gebring wanneer hulle onder druk was. Hy het 'n bal onderskep wat tot 'n drie sou gely het, maar was teruggeroep deur die skeidsreger vir 'n vorige oortreding in die skrum.

Dagbreek het verskeie kere sterk aangeval na goeie skoppe van du Pisani. Hulle is met 'n drie beloon na lynstaan wat op Pieke se doellyn plaasgevind het. Piet de Beer, die slot, het die drie gedruk. Cilliers kon nie met die doelskoppoging vanaf die kantlyn slaag nie.

Die het die finale telling tot 12–2 gebring om die wedstryd in Dagbreek se guns te beklink. Dagbreek speel vrydag teen Eendrag en as hul dié wedstryd kan wen sal hul in die finale speel.

Rugbypunte

DIE stand van sake na Vrydag se Sauer-liga wedstryde is soos volg (in die volgorde gespeel, gewen, gelyk, verloor en punte):

Afdeling A:	Afdeling B:
Eendrag	Dagbreek
4 3 1 0 7	5 5 0 0 10
Pieke	Wilgenhof
5 3 1 1 7	5 4 1 0 9
Libertas	Helshoogte
5 3 0 2 6	5 3 0 2 6
Simonsberg	Oude
5 2 1 2 5	Molen
Huis Marais	5 1 1 3 3
5 1 1 3 3	Elsenburg
Medies	5 1 0 4 2
5 1 0 4 2	Majuba
	Huis Visser
	5 0 1 4 1

Skop op Eendrag se kwartlyn gekry.

De Wet het mis geskop, maar die wind was uit Eendrag se seile. Helshoogte het 'n paar sterk aanvalle geled en Basil Bielich, loskakel, is na 'n mooi lopie oor vir 'n drie. De Wet het gedaal en die eindtelling was 10–8.



Alec Venter, flank van Eendrag, maak gereed om die bal vir sy skrumskakel, Vygie van der Merwe, te gee. Eendrag het in die los